

Hoe nou gemaak, Here?

(Ahia - Die Here is my broer)



Joas Natan

Opedra aan:

Die vele ouers en grootouers, wie hulle kinders en kleinkinders godvresend opgevoed het. Aan hulle, wat die teleustelling moes ervaar van kinders en kleinkinders wat nie aan hulle geestelike verwagtings voldoen het nie. Mense, wat teleurgesteld en met hartseer moes toekyk hoe hierdie kinders en kleinkinders Jesus as Verlosser, Messias en Seun van God verwerp en so hulleself, deur hulle eie keuses, as anti-christe verklaar. Tragies, om te dink dat U, ouers en grootouers, so baie moeite met julle geestelike voorlewing aan hierdie kinders gedoen het, hoe julle hulle laat doop het, hulle geestelik onderrig het, hulle gereeld kerk toe geneem het en gesien het hoe hulle in die kerk ingelyf word as lidmate. Net om later te verneem dat hulle Jesus verwerp het en dat die huwelik vir hulle oudmodies is en nie meer vir hulle iets beteken nie, dat hulle verkies om eksperimentele seksuele verhoudings met verskillende persone bo die huwelik te stel.

Mag u as ouers en grootouers deur die lees van hierdie boekie gehelp word om biddend en gelowig vir u kinders se siele te bly intree terwyl ons nog tyd het.

Joas Natan. Desember 2023.

Inhoudsopgawe

Bladsy

Deel 1

Hoofstuk 1:	‘n Kort storiëtjie	5
Hoofstuk 2:	Waarom so ‘n krasbesluit neem?	10
Hoofstuk 3:	Skynheiligheid	18
Hoofstuk 4:	Indeling van die mensdom in 4 groepe	22
Hoofstuk 5:	Skuldig of Onskuldig	26
Hoofstuk 6:	Die Vrygespreekte skuldiges	30
Hoofstuk 7:	Die Heiliges	34
Hoofstuk 8:	Die Kindergroep	38
Hoofstuk 9:	Ankerpunt	42
Hoofstuk 10:	Hoe tree die Gelowige op?	46

Deel 2

Hoofstuk 11:	Die voorbeeld van Jesus	54
Hoofstuk 12:	Optrede teenoor my vyande	57
Hoofstuk 13:	Bybelkommentare oor liefde vir jou vyand	63

Deel 3

Hoofstuk 14:	Om alles bymekaar te bring	71
Hoofstuk 15:	Groepindeling en gevare daarvan	77
Hoofstuk 16:	Jesus en Sy liefde vir Sy vyande	82
Hoofstuk 17:	Samevattende afsluiting	94
Bronnelys		96
Ander boeke uit die skrywer se pen		97

Deel 1

Hoofstuk 1

‘n Kort storietjie

Hierdie storie gaan oor ‘n ou man, sy broer en die broer se seun. Ons noem hulle Ouman, Broer en Seun.

Kom ons begin heelvoor. Ouman was die enigste kind en wou graag ‘n broer gehad het. Toe hy nege jaar oud was, is aan sy wens voldoen. Broer was nie die maat waarop hy gehoop het nie maar die twee het darem so op ‘n manier vir die volgende nege jaar klaargekom tot Ouman die skool verlaat het en universiteit toe is. Hiervandaan het die twee se lewens net nog verder uitmekaar beweeg. Soos Broer meer volwasse geword het, het die twee wel raakpunte ontwikkel maar van ‘n diep band was daar nooit regtig sprake nie. Tog het die twee kontak behou. Broer het gou getrou en met ‘n gesin van sy eie begin. Ou man was toe reeds getroud maar hy en sy vrou het nooit kinders gehad nie. Soos Ouman en Broer se gesinne ontwikkel het, het daar nog meer verwydering plaasgevind. Broer het ‘n prestige professionele beroep bekleed en Ouman was veel laer op die sosiale leer. Broer het heel vroeg in sy lewe sy gesin uitgebrei totdat hulle drie kinders kort na mekaar gehad het. Ou man se ouers was baie opgewonde oor hulle kleinkinders en het grootliks in Broer se gesin ingeleef. Op daardie stadium het Broer naby sy ouers gewoon en hegte bande het so ontstaan. Ouman en sy vrou het dikwels nie werklik deel van die breër

gesinsopset gevoel nie en grootliks hul eie pad begin loop, al het daar goeie verhoudings geheers.

Seun was 'n voortreflike atleet en het akademies en sosiaal uitgeblink. Sy leierseienskappe het hom hoofseun van sy laer-en hoërskool gemaak. Hy het keuring vir medies gekry en het binne die vasgestelde tyd sy kursus voltooi. Almal was baie trots op hom en het geweet dat hy nog hoë sporte sou bereik. Dit het dan ook gebeur en hy het in die buiteland gaan praktiseer. Spoedig het hy ook 'n gesin gehad met die koms van sy tweeling, 'n seun en 'n dogter. Ouman se paaië het met Seun begin skei want hulle het nie dieselfde geestelike waardes gehad nie. Seun het onder andere gevoel dat die huwelik oudmodies is en dat hy nie godsdiens in sy lewe nodig het nie. Op 'n besoek aan Suid-Afrika wou Seun saam met sy meisie by Ouman-hulle kom oorbly. Ouman se vrou het geweier om hulle te ontvang en so het die eerste krake tussen Ouman en Broer ontstaan. Seun was vir Broer alles en die verwerping van Seun se leefstyl deur Ouman het hom nie aangestaan nie. Nietemin het Ouman en Broer se verhouding tog hierdie verwydering oorleef. Wat die situasie hanteerbaar gemaak het is die feit dat Seun die meeste van die tyd in die buiteland was en min kontak met Ouman gehad het. Ouman het maar min in Seun se doen en late belangstel en Broer het hieroor gegrief gevoel. Broer het later by die see afgetree 1500 kilometer van Ouman af.

Een van Broer se dogters het ook gekies om 'n ateïstiese leefstyl te volg en het ook in 'n saamwoonverhouding haar geluk gesoek. Ook sy het grootliks uit Ouman se belangstellingsveld verdwyn.

Die ander dogter het 'n meer godsdienstige lewensaanslag gehad. Ouman en sy vrou het met haar 'n goeie verhouding gehad maar sy was baie familievas en uiters lojaal teenoor Seun, wie dan ook haar held was.

Samevattend was dit die agtergrond van die ongelukkige insident wat in 2023 aangebreek het. Seun het besluit dat hy sy afrikabande moet versterk en het ses maande verlof geneem om saam met 'n vriend van hom deur Afrika op motorfietse te toer en dan ook 'n paar maande in Suid-Afrika te kuier. Sy lewensmaat en die tweeling sou saamkom en vir drie maande by Broer en sy vrou oorbly. Aangesien die Afrikatoer vir hulle almal 'n groot gebeurtenis was het hulle gesorg vir mediadekking vir die toer. Die groot geleentheid sou die afskeid in Pretoria wees vanwaar die motorfietsryers sou vertrek. Terselfdertyd sou dit ook 'n familiebyeenkoms wees waarheen Ouman uitgenooi is. Broer het die uitnodiging oorgedra en soos te wagte het Ouman dit van die hand gewys. Broer wou nie nee, as antwoord aanvaar nie en het selfs gesinspeel op die moontlikheid van 'n breek in die verhouding met Ouman indien Ouman nie vir die afskeidsgeselligheid sou opdaag nie.

Seun, het Ouman so 'n week of so voor hulle vertrek op die Afrikatoer gekontak en wou by Ouman kom aandoen aangesien hy die nuwe motorfiets moes inry. Ouman se vrou het nie vir die besoek kans gesien nie en Ouman het gereël dat hy en Seun op Ouman se tuisdorp in 'n restaurant sou gaan eet. Alles het goed afgeloop tot bykans die einde van die ete. Uit die bloute wou Seun weet of Ouman nog deel van sy gesin wou wees. Dit was vir Ouman snaaks omdat hy nooit regtig deel van Seun

se gesin was nie. As rede vir Seun se vraag het hy aangevoer dat dit vir hom voel of Ouman nie met sy lewenstyl saamstem nie. Ouman het waardering teenoor hom uitgespreek vir sy openhartigheid en het toe gevra of Seun in Jesus as Verlosser glo. Seun het duidelik en met eerlikheid geantwoord dat Jesus vir hom nie enige waarde het nie aangesien Jesus maar net 'n historiese figuur soos Buddah, Mohammed en enige Hindoegod is. Seun glo dat hierdie godsdienstige figure bloot deel vorm van die kultuur van nasies. Seun het wel erken dat daar dalk iets soos 'n oppermag kan bestaan.

Op hierdie stadium van die gesprek kon Ouman vir hom 'n eerlike antwoord gee en het vir hom gesê dat sy eie lewe op 82, bykans verby is en dat die tyd vir sy oorstap, die ewigheid in, naby gekom het. Hy het ook aan Seun verduidelik dat hy nie bereid is om enigiets te doen wat sy verhouding met Jesus kan benadeel nie. Volgens Ouman was daar duidelike uitsprake in die Bybel oor die hantering van die ongelowige deur 'n gelowige soos dat die gelowige hom moet afskei van die ongelowige. Dit het Seun se vraag beantwoord en hy het toe vir Ouman laat verstaan dat daar van nou af 'n duidelike afsnylyn in sy verhouding met Ouman sal wees. Soos Broer het hy ook die moontlikheid beklemtoon dat die afsluiting van sy verhouding met Ouman nadelige gevolge kan inhou vir die verhouding tussen Ouman en Broer.

Dit het dan ook gebeur. Behalwe vir 'n kort stroewe gesprekkie hierna tussen Ouman en Broer was daar sedertdien vir maande geen kontak tussen Ouman en Broer nie.

Dit het vir Ouman gevoel of sy broer gesterf het. Hy kon net nie die prys wat Broer en Seun van hom gevra het, om deel van hulle familie-opset te wees, betaal nie.

Hoofstuk 2

Waarom so 'n kras besluit neem?

Vir enige mens met kinders sal dit 'n misterie wees waarom Ouman so kras en sonder gevoel teenoor sy familie opgetree het. Hoe is dit moontlik dat hy vir sulke beuselagtigheid die verhouding met sy broer en die se kind op die spel kon plaas?

Die Ouman het God se Woord gevolg en die volgende skrifgedeeltes as lewensriglyn gebruik vir sy besluit:

Ou Testament:

1. Deut. 13: 6-11 (Die Bybel; Nuwe Lewende Vertaling)

Sê nou jou eie broer, of jou seun of dogter of jou geliefde vrou of boesemvriend kom na jou toe en sê in die geheim: 'Kom ons gaan aanbid ander gode'. Vers 8: As hulle dit doen moenie toegee of na hulle luister nie. Jy moet hulle ook nie jammer kry nie. Moet hom nie verskoon of beskerm nie. Maak hom verseker dood. Jy moet dit begin en dan moet die hele volk jou ondersteun.

Stenig die skuldiges, want hulle wou jou verlei om die Here jou God te verlaat...

2. Esra 10:10

*Die priester Esra staan toe op en sê vir hulle: "Julle was ontrou deur met heidense vroue te trou. Daardeur het julle Israel se skuld nog net meer gemaak. Bely teenoor die Here, die God van julle voorouers, en doen wat Hy wil hê julle moet doen. **Maak julle los van die mense van die land en van die heidense vroue.***

Nuwe Testament:

1. 2 Johannes. Vers 10 (Die Bybel. Nuwe lewende vertaling)

As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer (Christelike verlossingsleer) met hom saambring nie moet julle hom nie aan huis ontvang nie en julle moet hom nie eers groet nie. Elkeen wat hom groet vereenselwig hom met daardie persoon se bese optrede.

2. Romeine 16: 17

*Wees op die uitkyk vir mense wat verdeeldheid veroorsaak en Christene se geloof ondergrawe deur dinge te verkondig wat bots met dit wat julle geleer het. **Vermyn hulle.***

3. 1 Johannes 2: 22

*Wie is die groot leuenaar? Dit is die een wat aanhou ontken dat Jesus die Christus is. So 'n persoon is die **anti-chris** wat nie die Vader en die Seun erken nie. Elkeen wat nie die Seun erken nie, het ook nie deel aan die Vader nie.*

4. 1 Johannes 4: 2

*Hieraan herken julle die Gees van God: Elkeen wat erken dat Jesus Christus werklik ten volle mens geword het, is van God afkomstig. Elkeen wat Jesus nie erken nie, is nie van God afkomstig nie. Daardie persoon het die gees van die **anti-chris**.*

5. Hebrew 13:4 (Expositor`s Study Bible)

Marriage is honourable in all, and the bed undefiled (Lawfull sex between a husband and wife holds no defilement): but whoremongers and adulterers God will judge. (This proclaims all sexual conduct out of marriage to be absolutely defiled).

Of

Respekteer die huwelik in alle omstandighede

6. Lukas 6: 22

Gelukkig is julle wat gehaat en

uitgesluit

en bespot en vervloek word

ter wille van My, die Seun van die Mens.

7. Lukas 14: 25

*Groot skares het Jesus gevolg. Hy het omgedraai en vir hulle gesê: “As jy my dissipel wil wees, moet jy my liever hê as jou eie pa en ma, vrou en kinders, **broers** en susters- ja meer as jou eie lewe. Anders kan jy nie my dissipel wees nie. En jy kan nie my dissipel wees as jy nie jou eie kruis dra en My volg nie. 35: So kan niemand my dissipel word sonder om alles vir My prys te gee nie.*

8. Lukas 12: 51

Dink julle Ek het gekom om vrede op aarde te bring? Nee, Ek het gekom om stryd en verdeeldheid te bring! Van nou af sal gesinne verdeeld wees, Drie ten gunste van My en twee teen My, of andersom. Daar sal verdeling wees tussen pa en seun, ma en dogter, skoonma en Skoondogter.

9. Mat. 19: 29

En elkeen wat 'n huis om My ontwil opgegee het, of broers of susters of 'n pa of 'n ma of kinders of grond- hy sal honderd maal soveel terugontvang en boonop die ewige lewe verkry. Maar baie van die wat nou so vernaam lyk, sal eendag heeltemal onbelangrik wees. En die wat nou nie gereken word nie, sal eendag die belangrikste wees.

10. Judas vers 17

*Julle geliefdes, moet egter die woorde wat die apostels van ons Here Jesus Christus, goed onthou. Hulle het vir julle gesê dat daar in die eindtyd spotters sal wees wat hulle lewe inrig volgens hulle eie goddelose menslike drange. Dit is juis daardie mense wat **verdeeldheid** veroorsaak; hulle leef volgens hulle natuurlike drange en het nie die Gees in hulle nie.*

*23 Red ander deur hulle uit die vuur te ruk. Aan nog ander moet julle ontferming betoon, **Maar** wees uiters versigtig dat julle nie ook deur hulle sondige luste besmet word nie, ja, verafsku dit.*

11. 1 Kor. 5: 11

Julle moenie in die gemeente assosieer met iemand wat op Christenskap aanspraak maak en ten spyte daarvan 'n onsedelike lewe lei, of 'n gierigaard of 'n afgodsdienaar of kwaadspreker of dronkaard of swendelaar is nie. Julle moenie eers saam met so iemand eet nie.

Dis nie my taak om oor die buitestaanders te oordeel nie. Maar dit is tog sekerlik julle verantwoordelikheid om te oordeel oor die binne die gemeente wat hulle op

hierdie manier skuldig maak. God sal sy oordeel vel oor hulle wat buite staan. Maar die Skrif sê: “Julle moet die slegte persoon uit julle midde verwyder.”

12. 2 Kor. 6: 14

*Moenie saamspan met ongelowiges nie, want watter vennootskap kan daar wees tussen reg en onreg? Of watter gemeenskap kan daar wees tussen lig en duisternis? Watter ooreenkoms kan daar wees tussen Christus en Belial? Of watter gemeenskap kan daar wees tussen ‘n gelowige en ‘n ongelowige? Watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? 17: **Daarom, “Gaan van hulle af weg en hou julle eenkant, Sê die Here.”***

13. 2 Tim. 3:5

*Hulle sal optree asof hulle godsdienstig is, maar dit wat aan die Christelike Godsdiens sy innerlike krag gee, ignoreer. **Jy moet wegbly van sulke mense af.***

14. Mat. 10:37

As jy jou seun of dogter liewer het as vir My, verdien jy nie om een van My mense te wees nie

Elkeen wat julle verwelkom, verwelkom My. En wie my verwelkom, verwelkom die Vader wat My gestuur het.

15. Mat. 12: 46

Jesus was nog besig om met die skare te praat, toe staan Sy ma en broers buitekant. Hulle wou met Hom praat. Iemand sê toe vir Jesus:

“U ma en broers staan hier buite en hulle wil met U praat.”

Hy antwoord die een wat met Hom praat: “Weet julle wie is my ma en my broers?”

*Daarop wys Hy na Sy dissipels en sê: **Daar is my ma en my broers.** Elkeen wat aan die wil van My hemelse Vader gehoorsaam is, is my eintlike familie.”*

Uit hierdie Skrifgedeeltes is dit baie duidelik, vir elkeen wie se oë deur die Heilige Gees geopen word, dat daar twee groepe persone aangedui word met bepaalde hanteringstrategieë vir elke groep.

Daar is die medegelowiges, jou geestelike broers en susters, en die ongelowiges of die anti-christe. Die anti-Christ erken nie vir Christus as die Seun van God nie. Aangesien hy Jesus ontken, ontken hy ook vir God, die Vader van Jesus. Sommige van hierdie persone is so arrogant dat niks in die lewe vir hulle hoër of heiliger of meer betroubaar as hulleself is nie. Hier het ons die volmaakte voorbeeld van ‘n humanis, met homself die toppunt van wat ‘n menslike god kan wees.

Uit die 15 aanhalings is dit duidelik dat die gelowige persoon sekere verantwoordelikhede het teenoor medegelowiges, soos liefdevolle ondersteuning en vergifnis selfs al het die medegelowige haatlik opgetree.

So is daar ook duidelike riglyne ten opsigte van die hantering van die anti-Christ. Kom ons kyk na enkele wat vir ons uitgespel word:

1. Wanneer die anti-christ jou uitnooi om na sy lewensbeskouing te luister moet jy nie toegee nie, nie vir hom verskoning maak nie en hom nie probeer

beskerm nie. Laat hom vir jou dood wees (*Ou Testament stenig*) want hy wou jou verlei om God te verlaat.

2. Maak jou los van die mense wat die huwelik minag veral wanneer hulle verbintenisse sluit met vroue wat nie Jesus as Verlosser erken nie.

3. Moenie die anti-chris by jou huis ontvang nie. Moet hom nie eers groet nie. Moet jou nie met so 'n persoon vereenselwig nie want jy kan in jou verbintenis met so 'n persoon deel van sy bose optrede word.

4. Oppas vir die ongelowige wie Christelike eenheid tussen gelowiges probeer verbreek deur verdeeldheid te saai. Vermy hierdie mense.

5. Die groot leuenaar is hy wat aanhou ontken dat Jesus die Christus is. So 'n persoon is die anti-chris met die anti-chris se gees in hom.

6. Die persoon wat ontken dat Jesus die Seun van God is, die Gesalfde van God, het nie die Gees van God in hom nie.

7. Die huwelik is 'n heilige instelling van God. Respekteer dit as sulks.

8. Om Jesus te dien sal vervolging meebring. Die vervolgdes is die geseëndes van God.

9. Jy mag nie jou broer of enige ander persoon liefier as vir God hê of sy mening hoër ag as God se riglyne nie. Indien jy nie bereid is om alles vir God prys te gee nie is jy Hom nie waardig nie.

10. Gesinne sal verdeeld raak indien sommig lede van die gesin Jesus as Verlosser aanneem en die ander lede nie.

- 11. Indien jy bereid is om jou broer ter wille van God prys te gee sal jy baie meer as net broers in sy plek terugkry.**
- 12. Jy, as gelowige, kan verwag dat jy bespot en geminag sal word.**
- 13. Anti-christe kan 'n gevaarlike invloed op gelowiges uitoefen. Moenie eers saam met so 'n persoon eet nie. Verwyder so 'n persoon uit jou midde.**
- 14. Geen gemeenskaplikheid kan tussen die gelowige en die anti-chris voorkom nie. Gaan weg van die anti-chris af.**
- 15. Bly weg van die skynheiliges, hulle wat hulle voordoen as gelowiges maar nie Jesus as Messias erken nie.**

Hoofstuk 3

‘n Indeling van die mensdom: die skynheiliges

In punt 15 van die vorige hoofstuk word melding gemaak van die **skynheiliges**. Dit vorm ‘n derde groep persone naas die **gelowiges** en die **anti-christe**.

Kom ons staan ‘n rukkie stil by hierdie groep mense en kyk wie hulle is en hoe hulle hanteer moet word deur ‘n gelowige.

Die skynheilige lyk soos ‘n Christen of probeer soos ‘n Christen lyk sonder dat die persoon werklik ‘n Christen-gelowige is. So ‘n persoon volg die gedrag wat met ‘n Christen geassosieer word sonder om in sy hart oortuig te wees dat Jesus die Seun van God is wat vir al sy sondes aan die kruis op Golgota geboet het. Hierdie persone gaan kerk toe, spreek hulle belydenis in die kerk uit, bid en leef dikwels voorbeeldige lewens maar hulle het nie die Gees van God in hulle nie en kan gevolglik nie die vrug van God se inwonende Gees uitleef nie. Hulle ken die kenmerke van die Geesvervulde mens en probeer dit naboots sonder dat hulle die Heilige Gees kan toelaat om vrug in hulle lewens te dra.

Uit hierdie kort uiteensetting is dit duidelik dat dit dikwels nie maklik is om die skynheilige te onderskei nie. Die hele probleem word meer ingewikkeld indien in aanmerking geneem word dat die ware gelowige, Geesvervulde kind van God soms skynheilig kan optree soos dit met Petrus die geval was. In Gal.2: 11 wys Paulus vir Petrus tereg deur hom van skynheiligheid te beskuldig toe Petrus anders begin optree

het toe Jode van Jerusalem af gekom het en Petrus vir die skyn toe nie meer met die bekeerde heidene saam wou eet nie omdat hy bang was vir wat die Joodse Christene sou sê. Ander voorbeelde van skynheiligheid is die volgende:

1. 'n Gelowige mag soms alkoholiese drank gebruik maar sal skaam wees om dit te doen indien die leraar teenwoordig is.
2. 'n Gelowige sal nie vloek terwyl ander gelowiges teenwoordig is nie. Andersins sal hy nie 'n probleem hê om 'n motorbestuurder in kru taal uit te vloek wanneer hy 'n fout maak nie.
3. Sommige gelowiges sal in 'n kerkdiens, waar ander gelowiges hom kan sien, sy hande tot eer van God opsteek maar dit nooit by sy huis in die privaatheid van sy binnekamer doen nie.
4. 'n Gelowige sal soms nie 'n probleem hê om in sy slaapklere in die bed te lê en met God te praat nie terwyl dieselfde God in die kerk staande met 'n geboë hoof en uitgestrekte hande aanbid word, ter wille van die ander mense wat die persoon kan raaksien.
5. Om met jou mond skynheilige gesprekke te voer terwille van 'n besigheidsooreenkoms omdat jy weet dat jou kliënt 'n Christen is.
6. Om te skinder of na skinderstories te luister sonder om die persoon van wie jy kwaadpraat die geleentheid te gee om hom of haar te verdedig.

7. Hoe kan 'n gelowige so skynheilig wees om te glo dat God hom van sy sondes en oortredinge moet vryspreek terwyl hy nie bereid is om sy medegelowige te vergewe nie.

8. Hoe kan 'n gelowige met 'n geheime sonde volhard en glo dat hy God so om die bos kan lei.

9. Is dit moontlik dat 'n gelowige so skynheilig kan wees dat hy God se geld kan steel deur nie God se deel vir Hom te gee nie.

Die vraag wat nou gestel kan word is hoe moet 'n gelowige teenoor die skynheilige optree?

Die grondreël na my mening is: *eerlike opregtheid in liefde toegepas.*

Die eerste ding waarvan 'n gelowige moet seker maak voordat hy die skynheilige aanspreek is of hyself al die balk uit sy eie oog gehaal het. Alleen wanneer hy onskuldig is aan 'n soortgelyke oortreding kan hy oorweeg om die splinter uit sy broer se oog te probeer verwyder. (Mat. 7:4). Amper nog belangriker is die gesindheid waarin hierdie handeling moet plaasvind. Teregwysing is dikwels die geleentheid om diepgewortelde haat en jalosie 'n geleentheid te gee om tot uiting te kom. Dit is veral die geval indien daar 'n wortel van onvergifnis en bitterheid teenwoordig is (Heb. 12:15) en die betrokke oortreder nog nooit heeltemal vergewe is nie.

'n Deeglike selfondersoek is dus nodig voordat daar in liefde verder met die oortreder gehandel word anders kan die een wat wil teregwys dalk 'n groter

skynheilige word as die persoon wat hy wil tereg wys. Is dit dalk waarom daar so ernstig in God se Woord gewaarsku word teen kritiek, oordeel en veroordeling van ander?

‘n Duidelike hanteringstrategie deur die gelowige van ‘n medegelowige wat verkeerd teenoor hom opgetree het word nietemin vir ons in Mat. 18:15 aangedui:

“As een van jou medegelowiges iets verkeerd teen jou gedoen het, gaan wys hom daarop. Maar hou dit tussen julle twee. As hy sy fout insien en erken, het jy hom teruggewen. Maar as jy nie daarin slaag nie neem nog een of twee saam met jou. So sal daar drie getuies wees om te bevestig wat gesê word. Maar as hy nog steeds weier moet jy dit aan die gemeente gaan meedeel. As hy egter ook weier om na die gemeente te luister, moet hy vir jou wees soos ‘n ongelowige of ‘n korrumpente tollenaar.”

Die hantering van die ongelowige of korrumpente tollenaar word in die *Expositors Study Bible* soos volg verduidelik:

*“ Let him be unto you as a heathen and a publican (**there can be no fellowship**)”*

dit wil sê geen deelgenootskap, lidmaatskap of kameraadskap nie. Die hantering sal dan ooreenstem met die van die anti-chris.

‘n Skynheilige is gewoonlik redelik maklik herkenbaar vanweë sy openlike valsheid.

Hoofstuk 4

Indeling van die mensdom: 4 Groepe

Jesus maak 'n onverbeterlike indeling van die mensdom deur na 4 groepe mense te verwys in Markus 4:3.

“Luister nou goed,” het Jesus gesê. “'n Boer het eendag lande toe gegaan om te saai. In die saaiproses het party van die saad op 'n voetpaadjie geval en die voëls het dit kom oppik. 'n Ander deel het weer op klipperige aarde sonder enige diepte geval. As gevolg van die vlak grond het dit vinnig opgeskiet. Maar toe die son warm bak, het dit verlep en omdat dit nie diep wortelgeskiet het nie het dit toe heeltemal verdroog. Nog 'n derde deel het tussen die dorings geval. Toe die dorings opkom het dit die koring verstik en dit het geen oes voortgebring nie. Nog 'n ander saad het op goeie grond geval. Dit het opgekom, gegroei en 'n oes voortgebring- tot 30 en 60 en 100 maal wat oorspronklik gesaai is.

Jesus verduidelik hierna aan sy dissipels wat die gelykenis beteken. Wat met die saad gebeur verteenwoordig 4 tipes mense volgens hulle reaksie op die blye boodskap van Jesus as Redder van die mens vanweë die mens se sonde.

1. **Die eerste groep mense** word verteenwoordig deur die beeld van die saad wat op die voetpaadjie geval het. Hierdie mense hoor God se Woord maar die Woord het geen indruk op hulle gemaak nie. Hulle leef saam met ander gelowiges, het selfs 'n Bybel, maar lees dit nie en indien hulle dit lees steur hulle hulle nie aan wat die Woord sê nie. Jesus sê dat satan gou die Woord uit die mense se hart uit verwyder.

Ons het daagliks met hierdie mense te doen. Hulle is die onverskilliges en die Woord kry nooit 'n houvas op hulle lewens nie. Hulle lewe onverskillig, soos hulle wil, en steur hulle nie aan die riglyne van God se Woord nie. Indien daar nie iets dramaties in die mense se lewens gebeur nie ploeter hulle maar so voort na hul dood toe. Soms is daar wel 'n wonderwerk wat plaasvind wanneer die harde voetpadhart geploeg word. Dit is gewoonlik een of ander ramp, soos 'n ernstige verlieservaring of 'n geliefde wat afsterf. Of die persoon toeganklik word vir die Woord van God, glo ek, hang dikwels af van gebede wat vir hierdie persoon opgaan. Hierdie groep mense sal altyd 'n groot uitdaging vir die gelowige bly en mense volhard gewoonlik met hulle smeekbedes vir hierdie mense tot en met hulle dood. Dikwels sterf hierdie mense as anti-christe

2. **Die tweede groep mense** is die wat die Woord met blydschap ontvang. Hulle lewens is egter so vol klipbanke van verharding dat die uiteinde van die saad nie veel verskil van die persoon met die voetpadhart nie. Al verskil is dat daar vir 'n kort tydjie 'n geestelike oplewing is soos die geloofsplantjie begin groei. Maar vanweë die baie klippe in 'n persoon se hart kan die plantjie nie tot wasdom kom nie en verwelk die plantjie lank voor dit wasdom kan bereik. Jesus sê dat wanneer probleme of vervolging kom ter wille van die Goeie Nuus sukkel hierdie mense in die geloof. Ons kry dikwels met hierdie persone te make wat sommer maklik opgee en terugdryf na hulle oorspronklike leefstyle toe. Soms is hierdie mense bereid om weer te probeer met dikwels dieselfde slegte gevolge. In ideale nie-uitdagende omstandighede wil dit soms tog lyk of hierdie persone se geloof so groei dat

Geesvrugte gevorm word. Probleme veroorsaak egter maklik dat die persoon weer terugval in ou sondige lewenspatrone. Geen konstante lewensverandering het plaasgevind nie. Hierdie mense is nie instaat om jou geestelik te ondersteun nie. Oppas dat jy nie deur gereelde assosiasie met hierdie mense verlei word om hulle lewenspatrone na te volg nie. Dit mag ook wees dat jou geloof in 'n verandering in hierdie mense se lewens, so onbeantwoord bly dat dit jou eie geloof ten opsigte van redding kan benadeel. Jy sal die wysheid moet afbid om te weet wanneer jy die stof van hierdie mense se teenwoordigheid van jou voete moet afskud en verder aanbeweeg waar daar meer vrugbare grond vir God se Genadewoord is. Mat. 10:14: Die skynheiligheid kan ook hier voorkom.

As hulle julle nie wil ontvang nie of nie wil luister na wat julle sê nie, gaan uit daardie huis of dorp en skud die stof van julle voete af. Ek verseker julle, op die oordeelsdag sal dit met die sondige stede Sodom en Gomorra beter gaan as met daardie dorp

3. **Die derde groep mense** is die wat die Woord hoor, die Woord het 'n positiewe uitwerking in hulle lewens maar kan nie kompeteer met die bekommernisse van die lewe, die lokstem van rykdom en die hunkering na allerhande goed nie. Die woord raak verstik en kom nie tot vrug nie. Baie van hierdie mense kan herken word deur hulle gedurige onsekerheid en 'n soeke na sekuriteite buite God. Hulle is die prooi van die leraars wat die voorspoedsteologie verkondig van *Gee en julle sal ontvang* in plaas van die waarheid dat *jy gee omdat jy reeds so baie ontvang het*, met ander woorde uit dankbaarheid. Vanweë hierdie mense se

onsekerheid en hulle soeke na aardse sekuriteite is hulle gevaarlike mense om mee te assosieer. Hulle onsekerheid is aansteeklik en selde sal jy by hulle die sekerheid van 'n God wat in beheer van alles is, vind. In wese is hulle humaniste wat glo dat hulleself kan regkom sonder die Here se hulp. Vandaar hulle onsekerheid en die gedurige soek na sekuriteite buite God in hulle eie doen en late. Die veiligste is om weg te bly van sulke mens af. Anti-Christe kan hier voorkom.

4. **Die vierde groep mense** is die groep waaraan elke ware gelowige graag wil behoort. Dit is die mens wat die Blye Evangelie hoor maar veral dat hy dit aanneem vir homself. Die feit dat so 'n persoon 'n oes oplewer beteken dat hy iets met die Blye Boodskap doen. Hy saai dit weer in ander lewens in en bring so God se oes in. Saam met hierdie broers en susters word die oes in gebring. Dit is egter ook nodig om te weet dat hierdie groep mense 'n klein groepie vorm. Daarom sê Jesus in Lukas 13: 24:

“Die deur na die hemel is baie nou. Werk hard om in te kom, want baie sal probeer ingaan, maar wanneer die eienaar die deur sluit sal dit te laat wees.”

Oppas vir die groot skares, die populêre predikers. Veral in die eindtyd sal mense in hulle gehoor gestreel wil wees en vir hulle leraars bymekaar maak wat sal sê wat hulle graag wil hoor. Hierdie groep mense is die Heilige Geesvervuldes wat deur die Geesvrug in hulle lewens herkenbaar is.

Hoofstuk 5

Indeling van die mensdom: skuldig of onskuldig

By die finale oordeel, teen die eindtyd, sal God besluit of die mens voor Hom skuldig of onskuldig is. Dit sal beteken dat die mens se sondes vergewe is of nie.

Indien jy op die aarde iets van 'n finale oordeel sonder enige kans op 'n verdere verhoor en 'n uitspraak wat onherroeplik finaal is beleef, beleef jy wat op die mensdom wag by God se finale oordeel oor die mens nie. Geen herverhoor wanneer God Sy uitspraak lewer nie, geen appel nie, geen konstitusionele hof wat die saak kan uitgooi nie. Een finale oordeel alleen; **skuldig of onskuldig !**

Die straf by skuldigbevinding is eenvoudig: **Ewige boetedoening in die hel.** (Matt. 23:33 en Markus 9: 45 tot 47). Elke woord van hierdie kort vonnis is swanger van betekenis. Die meeste mense verkies om dit nie te verstaan nie, hulle af te sluit van wat dit beteken, daaroor te redeneer, dit af te maak as onsinnig, verskonings vir versagting te soek, God nie te glo nie, ander te blameer; in kort, al die verskonings wat gedurende hulle lewe op die aarde gemaak is dat hulle nie bekommerd oor hulle sondes hoef te wees nie. Al skryf ons oor hierdie punt 'n 1000 boeke sal dit nog niks van die straf vir die skuldige wegneem nie: **Ewige boetedoening in die hel!**

Ons kom nou by 'n baie gevaarlike deel van hierdie boek. Jy sal dalk verkies om dit oor te slaan. Ek wil aanbeveel dat jy dit wel lees aangesien dit onafwendbaar is en absoluut waar is:

Ewig

Wat beteken ewig?

Dit sal nooit ophou nie.

Jy het dalk 'n begrip van hoe lank 80 jaar is. Maar, dit is niks teen wat *ewig* beteken nie. Gestel jy vat elkeen van die 8 Biljoen (8,000, 000, 000) mense op die aarde en jy laat elkeen 80 jaar leef sodra die vorige een sy of haar 80 jaar geleef het en jy hou so aan totdat 8 Biljoen vermenigvuldig met 80 verby is (640 Biljoen jaar) is die eerste sekonde van ewigheid nog nie verby nie. Nie een van ons het die breinkapasiteit om 'n denkbeeld van die lengte van die ewigheid te vorm nie. Dit is net God, die tydlose, wat weet wat dit beteken.

Boetedoen

Ons het almal 'n idee wat dit beteken om boete te doen vir wat jy verkeerd gedoen het. Vandag kry mense in ons land nie meer die doodsvonnis nie. Hulle kan egter lewenslank in die tronk bly. Die meeste mense verkies om nie met die lot van die gevangene te identifiseer nie want dit is nie 'n aangename ervaring nie. Tog is boetedoening of die uitdien van straf vir wat jy verkeerd gedoen het 'n daaglikse werklikheid vir baie mense. Behalwe vir die feit dat jy jou vryheid van beweging en besluitneming verloor, word jy deel van 'n gevangenis subkultuur. Hierdie kultuur het ook leiers, slegste van die slegtes. Hulle word jou base en indien jy wil oorleef doen jy wat hulle vir jou sê. Jy word 'n ander gevangene of groep gevangenes, se

seksslaaf. Dit is eenvoudig; jy doen wat vir jou gesê word om te doen of jy word aangerand en moontlik vermoor. Die enigste reëls wat geld is korrupsie, omkoperij, lyding, vrees en daaglikse misdaad. Jou enigste hoop is dat jy iewers in die toekoms vrygelaat sal word en nie vir ewig in die gevangenis sal bly nie. Jy het jou straf ontvang en moet nou boetedoen, jou boete betaal soos 'n boete vir 'n verkeersoortreding. Gevangenisstraf is egter 'n piekniek teen die boetedoening wat in die hel gaan plaasvind. Wat is die ergste pyn wat jy kan bedink? Is dit om so deur kanker opgevrete te word dat geen Morfien meer help nie en jy bykans voortdurend van pyn moet skreeu? Of is dit om te brand, verbrand te word; om soos die martelare op 'n brandstapel te sterf terwyl die vet van jou liggaam die brandstof word. Genadiglik sterf 'n martelaar gewoonlik maar die persoon wat boetedoen vir sy sondes sal nooit die vreugde van 'n einde van sy pyniging beleef nie. Jy sal kan skreeu soos jy wil, jy sal kan soebat vir genade soos jy wil, dit sal nooit ophou nie en vir **ewig aanhou**.

Die Hel

Net om oor hierdie dinge te skryf raak te veel en 'n mens soek 'n blaaskansie. Dit is asof jou brein, jou betekenisgewing, rebelleer en jy soebat om tog net oor iets anders te kan dink.

Dit help niks. Die hel sal nie verbygaan op ophou bestaan omdat die gedagte aan die hel vir jou te veel geword het nie. Iets wat die helganger kan troos is die feit dat daar baie mense in die hel sal wees. Jesus raai mense aan om op die smal pad deur die

nou poortjie agter Hom aan te kom en nie die breë pad na die hel toe te loop nie (Mat.7: 33). Die baie medehelgangers sal jou egter nie kan troos nie. Verwag eerder verwyte omdat jy hulle nie gewaarsku het toe jy jousef op hierdie pad geniet het nie. Wat is die slegste, die vuilste, die afskuwelikste, die gemeenste, die onsedelikste, die grootste vervloeking van God, die hopeloosste wat jy kan bedink? Indien jy jousef kan toelaat om in jou gedagtes daar te beweeg weet dat wat jy kan bedink nie naastenby so sleg sal wees as wat in die hel vir jou wag nie.

Die hel is erg en jy gaan vir ewig daar boet indien God jou skuldig verklaar.

Wie is dan onskuldig? Wie gaan die hel vryspring?

Niemand verdien om die hel vry te spring nie. Ons is almal sondears, almal is skuldig almal is oppad hel toe. (1 Petrus 4:5 en Rom. 14: 12)

In die groot hofsaak aan die einde van die tyd sal elkeen van sy eie lewe rekenskap moet gee.

God is die Regter. Ons gewetes en satan kla aan

Alles wat ons verkeerd gedoen, gesê en gedink het is teen ons name opgeskryf, sowel as as ons baie versuime om goed te doen.

Maar Jesus verdedig ons. Goddank. Meer daaroor in die volgende hoofstuk.

Hoofstuk 6

Die vrygespreekte skuldige

Satan: *Edelagbare God, U moet vandag eerlik en regverdig uitspraak lewer oor hierdie sondaar. Sien U die stapels boeke langs die beskuldigde? U weet tog dat al sy sondes daarin opgeteken is. Niemand kan daarteen stry nie. Ek eis dat die sondaar in die hel gestraf moet word. Ek kan tog nie alleen boete doen vir my sondes nie. Hy is net so skuldig soos ek en hy moet dieselfde straf ontvang naamlik om **ewig in die helse vuur te brand**. Kan U onthou dat die beskuldigde gesteel het toe hy valse inligting aan die Ontvanger van Inkomste verskaf het? Kan U onthou hoe die beskuldigde U geld gesteel het toe hy nie die deel van sy inkomste wat aan U behoort, vir U gegee het nie. Kan U onthou hoe waad hy vir sy medegelowige geword het toe die hom bedrieg het. Kan U onthou dat hy sy broer sleggesê het en hom uitgevloek het toe hy hom 'n 'gek' en 'idiot' genoem het? Ek wil U net herinner dat Usself gesê het dat iemand wat so iets doen in die helse vuur rekenskap sal moet gee. Ek is seker dat U hierdie man in gedagte gehad het toe U deur Jesus die gelykenis vertel het van die man wie se groot skuld deur die koning afgeskryf is en hoe dieselfde man geweier het om 'n ander persoon se bietjie skuld af te skryf. Usself het die straf vir hierdie persoon bepaal toe die koning in U verhaal gesê het dat die persoon in die tronk gegooi moet word en dat hy nie daaruit sal kom voordat hy al sy skuld betaal het nie. Kan U onthou hoe hierdie man so gou van U weldade vergeet*

het toe U dit met hom goed laat gaan het. God, ek sluit my aanklagte teen hom so af. Daar is nie 'n manier waarop U kan verklaar dat hy nie skuldig is nie.

Die Regverdige Regter: *Jesus, U is hier om die beskuldigde te verdedig. Is daar iets wat U wil sê?*

Jesus: *Ja, o, Regverdige Regter, daar is heelwat wat ek kan sê ter verdediging van die beskuldigde. In die eerste instansie sal U sien dat die boeke waarin die sondaar se sondes opgeteken is totaal en al leeg is. Daar is niks in opgeteken nie. U het belowe dat U nie weer aan die beskuldigde se oortredings sal dink nie, (Heb.8:12 en Heb.10:17) dat al sy sondes vergewe is, dat U sy oortredinge verwyder so ver as die ooste van die weste is. Daar is dus geen bewyse teen die beskuldigde nie. Ek wil U net graag daaraan herinner dat satan die vader van die leuens genoem word omdat hy dit is (Joh. 8:44). Niks wat hy sê is eerlik en opreg nie. U het homself tereggewys toe hy U probeer verlei het om op sy instruksies brood van klippe te maak nadat U honger geword het toe U 40 dae sonder kos en water was. Satan is dus 'n uiters onbetroubare getuie.*

Indien ons aanneem dat die beskuldigde wel aan 'n magdom oortredings skuldig was en dat die oortredings wel in die boeke opgeskryf was ontstaan die vraag hoe het dit gekom dat daar nou geen rekord van die oortredings bestaan nie? Wat het daarvan geword? Kan ek U herinner aan 'n gesprek wat ons gehad het lank gelede: U het die mens gemaak, sonder sonde, perfek en rein. U het die kroon van U skepping baie lief gehad en het net een ding van hom en sy vrou verlang en dit was

dat hulle nie van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad moet eet nie anders sou hulle skuldig word aan sonde vanweë hulle ongehoorsaamheid en dan sou hulle moes sterf, wat beteken dat hulle in die hel sou moes boet vir hulle sonde. Dit is dan ook wat gebeur het en die mens het in sonde geval. Waar die mens ewig sou geleef het, is sy lewensduur verkort en moes hy sterf en boet vir sy sondes. U is absoluut regverdig en ons het albei geweet dat daar vir die sondaars se sondes boete gedoen moes word indien die mens gered wou word. Die mens self kon nie boete doen nie, sy sondes was te groot en te veel en hoe kan iemand vol sonde vir die sonde van ander boet. Alleen iemand sonder sonde kon dit doen. Uit die mense was daar nie so iemand nie. Toe U lank en vol deernis met liefde na My, U Seun, gekyk het, het ek geweet wie U in gedagte gehad het. Ek was sonder sonde en het die mens net so lief gehad soos U aangesien U die mens deur my geskep het. Ek het geweet dat daar nog biljoene sondaars sou bykom en dat hulle sondes biljoene boeke sou volskryf. Vir een om vir al daardie sondes te boet in hulle plek sou onmoontlik wees. Alleen U my Vader kon My daartoe instaat stel. Ek het beseef dat die lyding wat Ek sou moes deurmaak vir al die mense se sondes miljoene maal herhaal moes word om al die sondes te dek. Dit het vir my na 'n onmoontlikheid gevoel maar U my Vader is Almagtig en U kon my daartoe instaat stel. U weet van my worsteling daar in die tuin van Getsemane toe ek bloed gesweet het en U engele gestuur het om My te versterk. U weet hoe ek vir uikoms gevra het indien dit U wil is. U wil was dat ek die volle prys, die totale boete moes betaal. Dit het ek gedoen tot ek in desperaatheid aan die kruis moes uitroep: "Eloi, Eloi, Lama Sabagtani." My God, My God,

waarom het U my verlaat? Die hel wat Ek vir hierdie sondaar se sondes moes ly het al sy skuld uitgedelg. Elke oortreding wat teen sy naam opgeteken is, het verdwyn omdat ek daarvoor geboet en ten volle betaal het. Hierdie sondaar glo dit en het dit ten volle vir homself aanvaar. Hy weet dat ek dit gedoen het en daarom kan hy nie weer vir hierdie sondes gestraf word nie. Ek weet daar is ook die mense wat nie glo dat Ek U Seun is nie en dat ons nie een is nie. Hulle glo ook nie dat Ek uit die dood van die kruis opgestaan het nadat ek helse smarte vir hulle sondes gely het nie. Vir hulle is daar geen uitkoms nie. Hulle sal self vir hulle sondes moet boet en betaal. Ek sluit hiermee my verdediging af.

Die uitspraak van die Regverdige Regter:

Ek vind die beskuldigde onskuldig.

Hoofstuk 7

Die Heiliges

Daar word beweer dat banktellers opgelei word om vals banknote te identifiseer. Van die tegnieke wat gebruik word is een veral baie effektief. Egte banknote moet so dikwels deur teller in opleiding hanteer word dat 'n gevoel vir die egte banknote ontwikkel word. Die oomblik wat 'n vals noot hanteer word voel die noot net anders as die ware Jakob. Die heiliges van God, die wat deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees afgesonder word vir God het 'n watermerk soos 'n egte noot wat dit net onderskei van die vals nagmaakte note. Die lig van God se genade en vergifnis maak die watermerk op die lewe van die gelowige mens sigbaar (Rom. 8:16). Die bank kan as God se koninkryk beskou word en die banktellers die heiliges of die Geesvervuldes wat die onheiliges, die kansvatters, die nabootsers moet onderskei ten einde die heiliges te beskerm. In vandag se tyd is daar baie anti-christe wat hulle voordoen as ware Geesvervulde Christene. (1 Joh.2: 18 en 19) Indien hulle slaag met hulle misleiding sal hulle die gemeenskap van die gelowiges binnedring en so korrupteer dat dit moeilik sal word om die ware gelowiges te herken. Vals en eg sal so vermeng raak dat 'n groot grys gebied tussen eg en vals sal ontstaan. Tans is dit die geval. Neem maar net die een voorbeeld van die sinode besluit van die NG. Kerk in 2015, ten opsigte van homoseksuele leraars wat tot die bediening toegelaat word en selfs met ander homoseksuele manlike leraars soos hulleself mag trou. Indien daar nie meer Geesvervulde Tellers oor is nie, mense wat die suiwerheid van die

bediening en die egtheid daarvan kan beskerm nie, sal die valsheid oorneem. Jesus het ons in heirdie verband gewaarsku dat daar in die eindtyd baie valse leraars sal opstaan en dat daar baie anti-christe sal wees; mense wat sal ontken dat Jesus die Seun van God is en dat Hy vir die sondes van mense geboet het.

Jesus het ook voorspel dat die groepie egte ware Christene min sal wees, dat daar heelwat vervolging vir hulle voorlê, en dat hulle hard sal moet stry om deur die nou poort in te gaan (Mat. 7:13).

Daar is in ons tyd baie goeie voorbeelde van sulke Christenmartelare wat hard gestry het om deur die nou poort in te gaan. Dink maar net aan Broer Jun (Gesant van God) en aan Wurmbrand en sy vrou. (Tortured for Christ). Broer Jun het as 'n jong man na sy bekering een alles oorheersende begeerte gehad om 'n Bybel te kon sien. So is hy dan ook deur die Heilige Gees gelei om ver te stap na 'n afgeleë dorpie toe en daar met 'n sekere ou man te gaan praat. Die onbeskryflike blydschap wat hy gesmaak het toe hy toegelaat is om die Bybel vas te hou maak ons, met die baie Bybels om ons, eintlik skaam vir ons ondankbaarheid. Jun moes die grootste deel van sy lewe in die tronk deurbring en is gemartel tot duskant die dood. Deurentyd het God hom gebruik om siele vir Sy koninkryk te wen. Altyd was Jun besig om ander gevangenes na Jesus toe te lei dikwels teen 'n ontsaglike prys van lyding en marteling.

So ook is Pastor Wurmbrand wreed in die tronk mishandel. Altyd het hy getrou gebly teenoor sy medegelowiges en nooit iemand verraai nie al het die

tronkowerheid hom vrylating belowe indien hy van sy gemeentelede aan hulle sou bekendmaak. Die owerheid het toe die pastor se jong seun in die hande gekry. Pastor Wurmbrand is vasgebind waar hy sy seun en die seun se martelare goed kon sien. Die seun is onderstebo opgehang en toe het die owerhede hom met 'n yster begin slaan. Die weerlose kind is voor die Pastor se oë tot op die randjie van die dood geslaan. Pastor Wurmbrand kon die lyding van sy kind nie verder verduur nie en het aangebied om die name van ander gelowiges bekend te maak indien hulle net sy kind sou uitlos. Op hierdie stadium het die kind by sy pa gepleit om dit nie te doen nie aangesien hy graag vir Jesus se eer wou sterf. Kort hierna het hy dan ook gesterf en die pastor het toe nooit sy vriende verraai nie. Daar was 'n klein groepie gelowiges in 'n dodesel saam met Pastor Wurmbrand saamgehoek. Daar het 'n ooreenkoms tussen die groepie en die wagte ontstaan. Eers is een of meer van hulle weggeneem en byna doodgeslaan en in ruil daarvoor kon die res van die groepie bid en 'n lied of twee tot eer van Jesus sing. Eers die slae en dan die kerk. Die plek waar hierdie gelowiges aangehou is, is as die dodesel beskou aangesien niemand nog ooit lewendig daaruit gekom het nie. Die meeste van die inwoners het tering gehad en geen medisyne is toegelaat nie. Jesus, die wonderwerkende God, het Wurmbrand gered en hy kon later na sy vrylating herstel en die Woord aan nog baie ander mense bring. Een dag het een van die bewaarders vir Wurmbrand gevra waarom hy so bid aangesien God hom tog nie verhoor nie. Op die bewaarder se vraag: Vir wie bid jy so? Het Pastor Wurmbrand geantwoord; *“Ek bid vir **jou**, my broer.”*

Dalk is dit die watermerk in die noot wat die banktellers help om die egte van die vals note te onderskei. Dalk is dit ook die watermerk in jou as medegelowige wat maak dat jy onderskeibaar is. Ons is immers in Hom gedoop, nie net in water alleen nie maar in Sy bloed, die bloed wat ons skoon was van alle sonde. Dit is Sy Heilige Gees wat die egte van die valse onderskei of dalk net die vrug van Sy Gees wat die egtheid van ons geloof beklemtoon. Dalk is dit net die liefde, as vrug van die Heilige Gees se inwoning, wat die brug span vir die ongelowige om vanuit die dood na die ewige lewe oor te stap. Is dit wat God bedoel het toe Hy verklaar het dat ons, ons vyande moet liefhê?

Hoofstuk 8

Kinders

Ons is nog steeds besig om te kyk na die verskillende kategorieë mense met wie 'n gelowige tydens sy aardse omwandeling te doen kry en hoe die gelowige teenoor die verskillende groepe mense optree. In hierdie hoofstuk kyk ons na kinders en die ontwikkeling van kinders.

Kortliks kan gesê word dat 'n kind hulpeloos gebore word en baie van ander mense se versorging afhanklik is. Geleidelik groei die kind op en word die kind gereed gemaak om van die funksies wat vir hom uitgevoer is, self oor te neem. Die kind het egter beperkte oordeelsvermoë en moet deur opvoeders geleer word om die regte dinge te doen en die verkeerde dinge uit te los. Geleidelik begin die kind 'n onafhanklikheid ontwikkel en 'n eie wil. Geleidelik word die kind as volwasse beskou en moet hy verantwoordelikheid vir sy optrede aanvaar. Tydens die kind se volwasse lewe moet hy self besluite neem en die gevolge van sy besluite dra. Die volwasse kind word later ouer en gevestigde idees en waardes word gevorm. Wanneer die kind oud geword het, word gewoonlik beplan hoe en waar die lewe afgesluit gaan word, gewoonlik in een of ander aftree-oord.

Jesus het die beeld van 'n kind wat gebore word gebruik om die wedergeboorte aan Nikodemus te verduidelik. (Joh. 3:4) Hy het gesê dat indien 'n persoon nie weergebore word nie, hy nie die ewige lewe kan beërwe nie. Die groep persone wat dus nie tot oortuiging van sonde in hulle lewe gekom het nie, hulle sondes nie

teenoor Jesus bely het nie, en nie glo dat Jesus die Seun van God is wat vir al sy sondes geboet en betaal het nie, kan nie sê dat hy van sy ou lewe afskeid geneem het nie. Sonder die afsterwe van die ou lewe kan die nuwe lewe, die wedergeboorte nie plaasvind nie. Saam met die wedergeboorte kom God se Gees in die mens in. Hy is die mens se Helper en is God in die mens. Soos die mens aan Hom oorgee en Hom toelaat in sy lewe so neem die Gees oor en dra vrug in die mens se lewe.

Soos die kind gebore word en opgroei deur fases heen is dit ook met die wedergebore mens die geval. Aanvanklik na sy bekering is hy 'n baba-christen. In 1Kor. 3:1 word hy soos volg beskryf:

Liewe broers en susters, toe ek by julle was, kon ek nie met julle praat soos met geestelik volwasse Christene nie. Ek moes met julle praat soos mense wat nog wêrelds is, soos met kindertjies in die Christelike geloof. Ek moes julle met melk voed, nie met vaste kos nie want julle sou nie iets sterkers kon verteer nie. Trouens julle is ook nou nog nie gereed daarvoor nie, want julle word nog steeds deur wêreldse neigings beheer.

Uit hierdie gedeelte kom dit voor of kindertjies in die geloof nog baie wêrelds optree, jaloers op mekaar is en dikwels rusie met mekaar maak. Die identifisering van die pasgebore baba- Christen is dus nie so moeilik nie. Die hantering van hierdie Christene deur 'n mede Christen word deur Paulus vir ons uiteengesit. Soos Paulus is dit ons eerste taak dat ons nie 'n ander fondament by die pasgebore baba-Christen lê as Jesus Christus nie. Hy is die weg en die waarheid. Niemand kom na die Vader

behalwe deur Hom nie. Ander gelowiges sal kom en op die fondament bou. Paulus sê dat hy die saad saai, dat Apollos dit natgooi maar dat dit God is wat laat groei. (1 Kor. 3:6) Verreweg is God dan ook die belangrikste. Paulus vergelyk ook die wording van die Christen met 'n gebou waarvan hy die fondament gooi wat op Jesus as Verlosser gebaseer is en dat ander daarop bou. Hoe gebou word en waarmee gebou word is van kritiese belang. Paulus praat van boumateriaal van goud en silwer maar ook van boumateriaal van hooi en stoppels. Ons bouwerk aan medechristene sal die vuurtoets moet deurstaan. Dit beteken dat alleen die lewens waarvoor duursame boumateriaal gebruik is en baie hoë smeltpunte het, die vuurtoets sal weerstaan. Hooi en stoppels sal maklik uitbrand. Goeie boumateriaal in die kind van God se lewe sal 'n goeie voorlewing van sy mentor wees, iemand wat integriteit openbaar, Christelike deugde uitleef, gelowig vertrou op God, goed en mooi praat en die Woord van God uitlê soos die Heilige Gees hom lei.

Die gelowige se begeleiding van die kind van God sal nie net vir die kind iets beteken nie maar ook vir die gelowige begeleier self. Indien die gelowige se werk die vuurtoets deurstaan sal God hom beloon. Indien sy bouwerk verbrand word sal daar redding wees maar asof deur die vuur heen, dit wil sê soos mense wat op die laaste oomblik uit 'n brand gered word. (1Kor. 3:15)

Die ontwikkelingsvlak van die gelowige kind het min met die persoon se kronologiese ouderdom te make. Hier van 12 jaar af het 'n kind gewoonlik die potensiaal om tot bekering te kom. Die Joodse tradisies maak dan ook op hierdie

ouderdom vir die Bar Mitsva voorsiening waar 'n seun as volwassene hanteer word. Die bekering en wedergeboorte kan egter ook tot enkele minute of sekondes voor die persoon se afsterwe op 90 jaar plaasvind. Die bekeerde wedergeborene sal dus met omsigtigheid en wysheid hanteer moet word. Liefde en geduldige wag sal dikwels van die mentor verwag word. 'n Openheid vir God se Geesleiding sal dikwels in gebed en in Sy Woord gesoek moet word ten einde nie skade aan die kosbare siel aan te rig nie.

Wedergeborenes groei nie altyd nie. Daar is dikwels stilstand en selfs agteruitgang. Die moontlikheid bestaan ook dat 'n persoon heeltemal verlore kan raak. Oor hierdie punt, naamlik of 'n gelowige verlore kan gaan, bestaan daar uiteenlopende standpunte. 'n Baie respekteerde geestelike, Charles Stanley, is oortuig dat 'n gelowige wedergebore kind van God nie verlore kan raak nie. 'n Probleem vir 'n definitiewe uitspraak is die onsekerheid of die kind van God werklik kind van God is en of dit nie maar 'n nabootsingbekering was nie. Ander persone verkies om 'n middeweg te neem en so is een verklaring vir 'n persoon wat afvallig geword het die volgende:

I read it (heard it).

I tried it. But I decided against it

Hoofstuk 9

Ankerpunt

Die vraag bly nog steeds: Hoe moet die verskillende groepe mense wat op die aarde is, deur die gelowige hanteer word?

Daar is nou reeds na verskillende groepe mense verwys soos byvoorbeeld die vier groepe mense soos deur Jesus genoem word ten opsigte van die hantering van die saad van die Woord van God.

Dit het nou tyd geword om meer spesifiek te word ten opsigte van die hantering van verskillende groepe. Dit is duidelik dat die persoon wat moet besluit oor hoe die groepe hanteer moet word baie duidelik identifisering moet kan toepas. Vir die wedergebore Christen is dit belangrik om volgens die Woord van Jesus en volgens Jesus se voorbeeld te handel. Ons sal die wedergebore, Geesvervulde kind van God gebruik as anker persoon en sy optrede teenoor ander groepe mense op die aarde duideliker probeer omskryf.

Voor ons dit doen is dit nodig dat ons in groter diepte kyk na hierdie anker- persoon wat ons uitgangspunt gaan wees.

1. Wat is is die ankerpersoon se naam in die Bybel?

Heilige, Kind van God, wedergeborene, Christen, Gelowige, Geredde, Geesvervulde, vrygespreekte sonbaar, skaap van God, Geroepene,

2. Wie is hulle?

Hulle is die besonderlik *begenadigdes*. Hulle is die **skape** van wie Jesus in Joh. 10: 27 praat:

My skape luister na my stem; (hulle glo My) en Ek ken hulle en hulle volg My. Ek sal ook die ewige lewe aan hulle gee, en hulle sal so nimmer as te nooit verlore gaan. Niemand sal hulle uit my hand steel nie. My Vader wat hulle aan my gegee het, is magtiger as almal, en niemand kan hulle uit die hand van my Vader steel nie. Ek en die Vader is een.

Hierdie *mense glo in Jesus* as Verlosser, as die Seun van God. Hulle glo ook dat Hy vir al hulle sondes geboet het en volkome die volle losprys vir al hulle sondes betaal het, dat Hy nie net gekruisig is nie maar ook op die derde dag opgestaan het uit die dood en later opgevaar het na Sy Vader toe vanwaar Hy weer sal kom om Sy bruid te kom haal. (1 Joh. 1: 7-10 en 2: 1-6)

Hierdie mense het geloof as 'n genadegawe van God ontvang en die geloof vir hulleself toegeëien.

Vanweë die feit dat hierdie mense *hulleself verloën* en gekruisig het, het hulle aan hulleself gesterf. So kon hulle die Heilige Gees in hulle lewens ontvang om aan hulle ewige lewe te gee en kon hulle die *vrug van die inwonende Heilige Gees as getuienis uitdra* aan ander om hulle ook in God se koninkryk in te bring.

Hierdie mense is op 'n *pad van heiligmaking* gelanseer. Hulle doen nog sonde maar bly nie volhardend dit doen nie. Hulle bely hulle sondes en aanvaar God se vergifnis. Dit is mense wat ander mense *vergewe* wanneer hulle teenoor die gelowige oortree.

Hulle *oordeel nie* oor ander wat openlik God verwerp nie want dit is God se werk om oor hierdie persone te oordeel maar hulle waak liefdevol oor hulle mede broers en susters om seker te maak dat hulle nie afdwaal nie.

Hierdie mense het *onderskeidingsvermoë* van die Heilige Gees ontvang ten opsigte van wat reg en wat verkeerd is. Soms is daar 'n klein kolletjie, 'n grys gebied van onduidelikheid oor wat reg en wat verkeerd in hulle lewens is, maar God hanteer dit en openbaar Sy wil aan hierdie mense.

Hierdie mense is uitkenbaar aan die *vrug van die Heilige Gees* in hulle lewens, dit wil sê hulle openbaar:

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. (Gal. 5:22)

Hierdie mense lewe met 'n *blye verwagting* in afwagting op Jesus se wederkoms

Wat dink hierdie mense?

Hulle bedink *wat waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik en lofwaardig* is. (Fil. 4;8)

Watter emosies ervaar hierdie mense?

Die Heilige Gees maak hulle vol liefde vir alle mense, hulle is bly en hulle straal vrede uit. Hulle is nie bekommerd nie en dank God vir alles wat Hy in hulle lewens toelaat, al verstaan hulle nie altyd waarom Hy dit doen nie. Die vrede van God gee in hulle lewens die deurslag wanneer hulle twyfel of iets volgens God se wil is.

Hierdie mense is nie net gewillig om God se wil in hulle lewens te soek nie maar hulle glo dat God hulle ook bekwaam maak om Sy wil uit te voer. (Kol.1: 12)

Hoe leef hierdie mense?

Paulus sê hierdie mense moet leef volgens wat hulle van Hom geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het. (Fil. 4:9)

Die besonderhede van so 'n lewe is vir ons opgesluit in die sendbriewe van Paulus. Jy sal dit self moet ondersoek en dit jou eie maak soos die Heilige Gees jou lei.

Ons gaan ons kortliks in die volgende hoofstuk kyk hoe 'n gelowige teenoor die vier groepe mense, soos deur Jesus genoem word, sal optree.

Hoofstuk 10

Die vierde groep in Jesus se gelykenis: Hoe 'n gelowige optree teenoor 'n medegelowige

Die ideale optrede van 'n ware gelowige word bepaal deur wie en wat hy in Jesus is. Ons weet dat indien so 'n persoon met die Heilige Gees vervul is, sy optrede bepaal word deur die Gees wat in hom is. Dit sal duidelik blyk uit die vrug van die Heilige Gees in die persoon se lewe. Soos genoem is dit:

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. (Gal.5:22)

Omdat elke gelowige oppad is na volle heiligmaking, maar dit bykans nooit tydens sy aardse bestaan bereik nie, kan verwag word dat geen gelowige volkome, altyd aan die Heilige Gees se leiding, gehoorsaam sal wees nie. Hoeveel van die Gees se leiding gevolg word en hoe veel die Heilige Gees in 'n mens se lewe toegelaat word, sal deur die geestelike ontwikkeling van die gelowige bepaal word. Vanweë die mens se sluimerende ou natuur kan die gelowige dinge in sy lewe toelaat waaroor hy skaam kan wees en wat hy as sonde sal moet bely.

Die hantering van 'n medegelowige deur 'n gelowige sal vir die geestelike leemtes in mede christene voorsiening moet maak. Dit is die gelowige se verantwoordelikheid om 'n medegelowige wat volhardend in een of ander sonde vasval te beoordeel, liefdevol tereg te wys maar nie te veroordeel en af te skryf nie.

Indien die gelowige oortreder weier om sy sonde op te gee, bestaan die moontlikheid dat hy nooit werklik tot bekering gekom het nie. Die oordeel en hulp van ander gelowiges sal moet ingeroep word. Indien die skuldige nie op hulp reageer nie moet hy volgens 1Kor. 5:11 as 'n onbekeerde sondaar hanteer word. In welke geval dit dan die voorreg van God is om oor die persoon te oordeel. Die gelowige wat wil tereg wys moet seker maak dat sy eie lewe skoon is van dit wat hom in 'n ander gelowige se lewe pla.

Hoe sal 'n mens verwag dat 'n gelowige in die alledaagse lewe sal optree?

Jesus gee 'n pragtige voorbeeld hiervan in Mat. 25: 31 tot 46:

Wanneer Jesus op Sy troon gaan sit om die mensdom te oordeel sal Hy al die mense in twee groot groepe skei. Aan die eenkant sal die skape wees en aan die anderkant die bokke. Die skape sal aan Jesus se regterkant geplaas word en die bokke aan die linkerkant. Dan sal Jesus eers vir die mense aan Sy regterkant die volgende sê:

Kom julle, want My Vader het julle geseën. Kom ontvang julle erfenis- die koninkryk wat my Vader reeds van voor die begin van die wêreld af vir julle gereed hou. Want toe Ek honger was, het julle vir My kos gegee; toe Ek dors was het julle vir My iets gegee om te drink; toe Ek 'n hawelose vreemdeling was, het julle My in julle huise ontvang; toe Ek niks gehad het om aan te trek nie, het julle vir My klere gegee; toe Ek siek was, het julle na My omgesien; toe Ek in die tronk was het julle My opgesoek.

Hierop sal die gelowiges dan vra: *Maar wanneer het ons U so in U nood gesien waarop Jesus dan sal antwoord:*

Ek verseker julle: As julle iets hiervan vir een van my broers of susters gedoen het, selfs al was dit vir die heel eenvoudigste onder hulle, het julle dit vir My gedoen.

Hierteenoor sal Jesus dan die aan Sy linkerkant toespreek:

Gaan weg van My af, want God het julle vervloek! Gaan na die ewige vuur wat gereed is vir die duiwel en sy bose engele. Want toe Ek honger was, het julle nie vir My kos gegee nie; toe Ek dors was het julle nie vir my iets gegee om te drink nie; toe Ek 'n hawelose vreemdeling was het julle My nie in julle huise ontvang nie; toe Ek niks gehad het om aan te trek nie, het julle nie vir My klere gegee nie; toe Ek siek en in die tronk was het julle nie na My omgesien nie.

Die aan Jesus se linkerkant sal dan wil weet wanneer het hulle Jesus so gesien waarop Hy sal antwoord:

Ek verseker julle, as julle versuim het om een van die eenvoudigstes van my broers en susters te help, het julle versuim om My te help.

Jesus sê dan dat hierdie groep mense in die ewige straf sal ingaan, maar dat die wat God se wil uitgevoer het, die ewige lewe sal ontvang.

Hierdie gedeelte is so belangrik dat God dit 4 keer, direk na mekaar, herhaal. Hier word niks van die aanvaarding van die Evangelie of geloof in Jesus se verdienste aan die kruis vermeld nie. Die praktiese hulp wat aan die noodlydendes gegee is, is

nie die maatstaf vir die redding van siele nie want indien dit die geval sou wees sou die mens deur die doen van goeie dade gered word en sou Jesus se soenverdienste onnodig gewees het. Alleen deur die liefde van Jesus in mense se harte kon hulle met soveel toewyding soveel goeie dinge gedoen het. Deur die liefde van God se Gees in hulle harte is hulle gedring om soveel goed te doen. Hulle kon net God se Gees deelagtig geword het indien hulle hulleself verloën het en Jesus as Verlosser aanvaar het.

Die wat verlore gaan is vanweë die feit dat hulle net vir hulleself geleef het in plaas van om hulleself te verloën en te glo dat dit net Jesus is wat deur Sy verdienste vir hulle sondes volle boetedoening kon doen. Hulle was hulle eie gode, het vir hulleself geleef en het Jesus en hulle medemens verag.

Jesus identifiseer in hierdie Bybelversies met die armes, siekes, hulpbehoewenes, die wat foute gemaak het en hulle straf uitdien, selfs met vreemdelinge wat nie vir hulleself kan sorg nie. Alles spreek van liefdevolle omgee. Die hulpbehoewendheid van die mens het hulle nederig en oop, afhanklik van God, gemaak. Hulle was nooit arrogant, verwaand, selfgenoegsaam, ingestel op hulle eie plesier en onafhanklikheid nie. Die skape; weerloos, dom, sonder aansien was Jesus se trop. Hulle het nie vooruit gehardloop om hulle eie koppe te volg nie. Nee, hulle het nederig, afhanklik na hulle Herder se stem geluister en Hom blindelings gevolg wetende, uit ondervinding, dat Hy met hulle oppad was na groen weivelde en waters waar rus is. (Psalm 23)

Voordat ons moedeloos begin word oor die ideale beeld van die skaap van God omdat ons voel ons as gelowiges nie daartoe in staat is nie kan ons vir hoop na 1 Joh.1: 6 en verder kyk:

As ons sê dat ons deel het aan Hom, maar in geestelike duisternis leef, lieg ons. Ons optrede weerspieël nie die waarheid nie. As ons optrede egter van die lig getuig, leef ons soos wat Hy in die lig is en het ons volledig deel aan mekaar, en die bloed van Jesus, Sy Seun, maak ons skoon van alle sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, mislei ons onself en leef ons nie volgens die waarheid nie. As ons egter ons sondes bely, Hy is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van elke verkeerde optrede. Hoofstuk 2: 1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie moet sonde doen nie. As iemand egter sonde doen, ons het 'n Helper by die Vader wat ons saak stel, Jesus Christus, die Regverdige. Hy is die versoeningsoffer vir ons sondes.

Die optrede van die gelowige teenoor die ander gelowiges word duidelik weerspieël in hierdie gedeelte. Liefdevolle ondersteuning met 'n hart vir die hulpbehoewene vorm die kern van hulle optrede in die vierde groep wat Jesus in Sy indeling van die mensdom gebruik.

1. **Die optrede teenoor die anti-Chris, die eerste groep soos deur Jesus genoem** by wie die saad van die Woord op 'n harde ontoeganklike klipharde pad val is reeds in bespreking van die anti-Chris in hoofstuk 2 hanteer.

2. **Die hantering van die tweede groep mense;** die wat die saad van die Woord met blydskap ontvang maar nie diepte in hulleself het nie, by wie die plantjie van geloof vinnig opkom en dan weer vinnig verwelk vanweë die min grond en harde klipbank, verdien besondere vermelding vir hantering deur die gelowiges. Baie gelowiges het iewers in hulle lewens klipbanke in hulle lewens ontwikkel. Dikwels was dit vanweë hulle opvoedingsomstandighede. Die pa van die huis was dalk as gesagsfiguur afwesig of was oorverteenvoerdig in harde liefdelose gesagstoepassing. Dalk kon die kinders nooit opsien na hulle pa nie omdat hy 'n drankprobleem gehad het. Dalk het die pa die dogter gemolesteer, dalk het die ma buite-egtelike verhoudings gehad. Sulke dinge kon 'n wortel van bitterheid in die nuutbekeerde se lewe gelaat het wat verhinder dat die geloofsplantjie mooi kon begin groei. 'n Veilige omgewing tussen medegelowiges kon dalk net iewers in die persoon se kliphart 'n sagte kolletjie grond vind waar die geloofsplantjie kon groei.

3. **Die derde groep mense** het dalk minder verskonings as ander groepe; dit is die wat deur die sorg van die lewe oorweldig word omdat hulle nie op God bly vertrou het nie. Hulle het ook die wêreld liefgekry. Onthou die onkruid van die lewe het 'n groot wortelstruktuur, sterker as die koringplant, en wil te alle koste verhoed dat die koringplantjie wasdom bereid en vrug dra. 'n Gelowige wie die potensiaal in 'n medemens kan raaksien sal dalk deur die kosbaarheid van die siel, vir wie Jesus gesterf het, aangegryp word en die misleide broer deur gebed en liefdevolle hulp vir God se koninkryk probeer terugwen. Die gelowige sal egter versigtig te werk moet gaan en oppas dat hy nie ook deur die misleiding van die broer ingesuijg word nie.

4. **Die laaste groep: Die duiwelbesetenes**

‘n Groep mense met wie Jesus dikwels bemoeinis gemaak het tydens sy omwandeling op die aarde, was die **duiwelbesetenes**. Hierdie is ‘n moeilike groep mense om te identifiseer. Hulle kan openlik duiwelbesete wees maar kan ook verskuild duiwelbesete wees.

Duiwels manifesteer openlik in optredes soos die volgende:

1. Hulle maak die persoon stom. (Mat 12: 22)
2. Hulle praat deur mense. (Mark. 1:23)
3. Hulle manifesteer in ‘n vreemde persoonlikheid in die betrokke persoon. (Mat. 8: 29)
4. Die persoon begin in ‘n vreemde stem praat. (Markus 5:9)
5. Die demoon verleen bo-natuurlike kennis aan sy slagoffer. (Markus 1:23)
6. Die persoon het buitengewone vermoëns soos om Jesus as Seun van God te kan erken. (Markus 5: 4 en 5)
7. ‘n Demoon kan ‘n persoon selfmoordneigings laat ontwikkel.
8. Die duiwelbesetene het dikwels geen beheer oor hulleself nie.
9. Die duiwel se reaksie op ‘n gelowige wat bid en die duiwel uitdryf is soms om God te vloek.
10. Die minder ooglopende tekens van die duiwelbesetenheid kom ook voor soos in nommer 9. Die persoon mag normaal voorkom maar wanneer inensief vir die persoon by God ingetree word manifesteer die demoon.

Dikwels is die persoon nog nie ten volle in die mag van die demoon nie maar hy stel hom oop vir demoniese invloede. Skynheiligheid, valsheid en leuens is die speelplek van satan. Mense dikwels deur wat hulle sien en waarna hulle graag, kyk tot sonde mislei. Ook deur die misleiding van die oog kan 'n voorliefde vir die okkulte ontwikkel. Dit kan gebeur deur video's boeke en tydskrifte. Die okkulte kan die nuuskierigheid van die mens so prikkel dat satan hierdeur 'n houvas op 'n persoon kry." Onskuldige" speletjies soos kaartspel waar op die geluksgodin vertrou word kan 'n persoon inlei tot duiwelbesetenheid. Die bewondering vir towenaars en wat hulle kan vermag mag ook 'n gevaarlike inlywing to demoniese aktiwiteite wees. Enigiets wat jou behoefte om mag oor ande persone uit te oefen, bevredig, kan gevaarlik wees. Dink in hierdie verband aan die sieklike belangstelling in hipnose.

Soms ly 'n persoon aan 'n geestesiekte soos angsversteuring en is die persoon nie deur 'n demoon beset nie.

Die identifisering en uitdrywing van demone is 'n gespesialiseerde aktiwiteit.

Deel 2

Hoofstuk 11

Die voorbeeld van Jesus

In die res van die boek sal ons steeds by die tema van die boek bly naamlik: *Hoe tree 'n gelowige op teenoor die verskillende groepe mense met wie hy moet saamleef op die aarde*. Die klem verskuif egter nou na Jesus toe. Hy is die perfekte voorbeeld en ons gaan na maniere van optrede kyk wat Jesus vir ons deur Sy voorbeeld wys. Dit geld optredes teenoor gelowiges, ongelowiges en onbekeerdes.

In Lukas 6:27 is daar 'n pragtige uiteensetting van hoe God wil hê ons moet optree teenoor ander mense. Ons sal eers die opdrag van Jesus in Afrikaans weergee soos dit voorkom in die *Nuwe Lewende Vertaling*:

Maar as julle gewillig is om te luister sê Ek julle moet julle vyande liefhê.

Om alle onduidelikheid uit te skakel sal die gedeelte in die *Amplified Bible*, oor wat hiermee bedoel word, weergegee word. Jesus is aan die woord en ons mag sy direkte woorde nie verkeerd verstaan nie. Ons gaan die gedeelte in Lukas 6:27 tot Lukas 6:42 gebruik:

But I say to you who are listening now to Me: (in order to heed, make it a practice to) love your enemies, treat well (do good to, act nobly toward those that detest you and pursue you with hatred).

*Invoke blessings upon and pray for the happiness of those who curse you, implore God`s blessing (favor) upon those who abuse you (who revile- **beskimp en uitskel**, reproach-**berispe en verwyf**, disparage-**verkleineer**, and high-handedly misuse you)*

The one who strikes you on the jaw or the cheek, offer the other jaw or cheek also; and from him who takes away your outer garment do not withhold your innergarment as well.

Give away to everyone who begs of you (who is in want of necessities), and of him who takes away from you your goods, do not demand or require them back again.

Luke 6:35:

But love your enemies and be kind and good (doing favors so that someone derives benefits from them) and lend, expecting and hoping for nothing in return but considering nothing as a loss and despairing of no one; and then your recompense (your reward) will be great (rich, strong, intense and abundant), and you will be sons of the Most High, for He is kind and charitable and good to the ungrateful and the selfish and wicked.

So be merciful (sympathetic, tender, responsive and compassionate) even as your Father is (in all these).

*Judge not (neither pronouncing judgement nor subjecting to censure-**berispe en bestraffing**), and you will not be judged; do not condemn and pronounce guilty, and*

you will not be condemned and pronounced guilty, acquit and forgive and release (give up resentment, let it drop) and you will be acquitted and forgiven and released.

Give and (gifts) will be given to you; good measure, pressed down, shaken together, and running over, will they pour into (the pouch formed by) the bosom of (your robe and used as a bag). For with the measure you deal out (with the measure you use when you confer benefits on others) it will be measured back to you.

Luke 6:42. ...how can you say to your brother allow me to take out the speck that is in your eye, when you do not see the beam that is in your own eye? You actor (pretender, hypocrite)! first take the beam out of your own eye, and then you will see clearly to take out the speck that is in your brother`s eye.

Hoofstuk 12

My vyand

Wie is my vyand? Hoe lyk hy? Wat doen en sê hy wat hom my vyand maak? Kan my broer in Christus my vyand wees? Waar pas die vyand van Jesus in?

Wanneer oor hierdie vrae gedink word is dit nie so maklik om die vrae te beantwoord nie. Tog gee Jesus in Lukas 6: 27 tot 42 vir ons 'n idee van wat Hy met vyand bedoel wanneer Hy sê ons moet ons vyande liefhê. Enkele aspekte sal in hierdie hoofstuk uitgelig word. Die deel gaan eintlik oor hoe ons teenoor ons vyande moet optree maar in die praktiese uiteensetting van ons optrede word sekere aspekte van die vyand onderstreep aangesien ons nie eintlik ons vyand hanteer nie maar dit wat deur die vyand gedoen of gesê word:

1. Die mense wat jou verfoei en verag

Die meeste Afrikaanssprekende persone het 'n idee wat verfoei beteken. Die woordeboekbetekenis is: *om iets of iemand te verafsku; 'n afkeer of weersin te hê, met veragting te bejeën.*

Min dinge is vir die mens so pynlik as om deur ander mense geminag te word. Wanneer iemand jou menswaardigheid aangetas het en jou as van minder waarde beskou deur die persoon se optrede het hy jou verfoei en verafsku. Skrywer kan insidente onthou, soos die meeste van die lesers, wanneer hy verfoei is. Een so 'n geleentheid was toe 'n sadistiese onderwyser met groot genot hom in klaskamersituasie ernstige lyfstraf toegedien het terwyl die hele klas toegekyk het.

Alhoewel die insident bykans sewentig jaar gelede plaasgevind het is dit nog vars in die geheue van die skrywer. Die skrywer was geestelik net nie gereed om sy vyand te vergewe nie en het nie getreur toe die onderwyser selfmoord gepleeg het nie. Selfs vandag nog is dit ‘n stryd om hierdie onderwyser lief te hê en te vergewe soos Jesus dit van ons vra, met ander woorde: *to treat well, do good, act nobly*. Ons word deur Jesus aangesê om hierdie vergifnis en goeie daade gereeld te oefen en te beoefen, want Hy weet dat Hy ons dikwels in situasies sal laat beland waar ons as Jesus se volgelinge, getoets sal moet word.

2. Die wat jou vervloek

Curse word in hierdie gedeelte beskryf as *revile* wat in Afrikaans die volgende beteken: *beskimp en uitskel*. Min van ons het nie ervaring van hierdie optrede deur ander nie. Uitskel kan verskillende vorms aanneem van direkte vloeke soos: “ F.... jou, jou idioot, en vervloeking soos slegte wense wat oor jou lewe uitgespreek word: *Jy is ‘n mislukking en sal niks in die lewe bereik nie*.

Beskimp is ‘n meer beskaafde manier om presies dieselfde te sê maar net ‘n bietjie meer indirek en skynheilig. Dit kan die minagting van jou as persoon insluit deur die uitsluiting van jou deur elite groepe of persone wat voel dat jy nie in hulle statusklas pas nie. Ligte uitsluiting in gesprekvoering van mense wat al oorsee gereis het waar ‘n persoon teenwoordig is wat nog nooit oorsee was nie en nie kan saampraat nie. ‘n Opmerking in hierdie verband “ dit is ondenkbaar dat ‘n persoon in vandag se tyd nog nie oorsee was nie”, kan ‘n voorbeeld hiervan wees.

In dieselfde konteks word die optrede van jou vyand genoem: *reproach* wat in Afrikaans *berispe en verwyd* beteken. Berispe is amper sinoniem met kritiseer en om na die kritiek uitgespreek is, die persoon te straf deur die persoon nog tereg te wys ook. Oor kritiek en oordeel meer later.

Om 'n persoon te verwyd is om die persoon aanspreeklik te maak vir iets slegs wat gebeur het. Skuld word op die persoon geplaas en die persoon se redes en konteks van gebeure word ontken. Meeste Christen gelowiges sou al iets hiervan beleef het, selfs van die kant van mede-Christene af. Dink maar aan die aanvalle van die liberale teoloë op die meer behoudende Christene wat fundamenteel by Jesus se uitsprake hou soos byvoorbeeld ten opsigte van homoseksualisme en die aanstelling van 'gay' predikante. Hierdie vyande sal die mede-gelowige uitkryt as liefdeloos, onvergewensgesind en dat hulle moet *bykom*, wat die ook al beteken.

Hier word ook verwys na jou vyand se optrede as *disparage* wat in Afrikaans verkleiner beteken. Wie van ons as Christene is nie al deur ander, selfs gelowiges, verkleiner nie. Dikwels is die persoon wat ander verkleiner deur sieklike minderwaardigheid besig om hulle eie ontoereikendheid te verbloem deur ander na hulle vlak van funksionering af te trek.

Sulke optrede word deur Jesus gelykgestel met, *high-handedly misuse you*.

Jesus vereis van die gelowige dat hy hierdie vyande moet seën, vir hulle moet bid en sal vra dat hulle gelukkig sal wees.

3. Die moeiliker vyand wat liefgehê moet word is die wat jou **fisies beseer**. Jesus sê dat wanneer iemand jou op die een wang slaan moet jy ook die ander wang vir

hom aanbied. Hier word gedink aan al die martelare wat op brandstapels gesterf het terwyl hulle Jesus as Redder besing en aanbid het. Jesus het nie geweld teenoor selfs 'n heiden verdra nie. Dink maar net aan die genesing van die slaaf van die hoëpriester se oor. Petrus het dit afgekap toe hulle Jesus kom arresteer het om Hom te kruisig. Soortgelyk is Jesus se optrede in Johannes 18:22 toe een van die wagte hom geslaan het. Hy het nie die ander wang gedraai en vir die volgende hou gewag nie maar het Homself verbaal verdedig deur te vra:

“As Ek kwaadwillig gepraat het, sê dan wat so kwaadwillig was; maar as dit met goeie bedoelings was, waarom slaan jy My dan?”

Merkwaardig was Jesus se kalme beredeneerdheid. Sy amper vriendelike optrede teenoor hom wat Hom so onregverdig behandel het. Jesus het altyd soos 'n heer (*gentleman*) opgetree en so 'n sterk kontras gevorm met die manier wat ons dikwels ons onregbelewing hanteer.

4. Jesus het ook 'n manier genoem waarop mense hulle vyande wat hulle **klere by hulle gesteel het** moet hanteer. Hy sê jy nie dat jy jou klere moet terugvat nie maar dat jy selfs die klere wat jy oorhet vir die rower moet aanbied. Die gees van liefde, vergifnis, omgee en goed te doen is vir ons moeilik begrypbaar en tog verwag Jesus van ons om in die krag van Sy Gees soortgelyk op te tree.

5. Hierna gooi Jesus die saak heeltemal oop en verklaar dat jy **moet gee aan elkeen wat iets van jou vra**, volgens wat hulle nodig het. Jesus gaan selfs verder en verklaar dat indien iemand iets van jou af wegneem, moet jy nie van die persoon verwag om dit weer vir jou terug te gee nie.

Min mense word begenadig met begrip vir wat Jesus van Sy volgelinge verlang. Alleen in totale selfverloëning en totale oorgawe aan God se Gees is dit moontlik om so te leef.

6. **Jou vyand sal dalk iemand wees wat ondankbaar** is vir wat jy vir hom gegee en gedoen het. Dalk sal jou vyand iemand wees wat baie selfsugtig is en net slegte dinge doen. Ook teenoor hierdie persone sê Jesus moet jy goedgesind wees en goed doen. Jy moet ook aan jou vyande jou besittings leen sonder om te verwag dat hulle dit aan jou moet terugbesorg. Jesus belowe dat vir die persoon wat so optree daar groot belonings wag, die grootste dat jy as kind van God geag sal word want ook Jesus was vol liefde en omgee teenoor mense wat ondankbaar en selfsugtig en verkeerd teenoor Hom opgetree het. Jesus sê dat Sy volgelings vol genade teenoor ander mense moet optree. Hierdie genade sluit in om simpatiek op te tree, sag te werk met ander mense en met deernis vir ander se omstandighede op te tree. Hier word nie van die benadeling van die self deur 'n vyand gepraat nie. Selfs die persoon wat niks slegs teenoor jou gedoen het nie moet met liefde hanteer word.

7. **Een van die grootste toetse vir die kind van God is om nie oor ander mense te oordeel nie, hulle nie te berispe nie en nie te bestraf nie.** Die rede hiervoor is dat die maat wat jy vir jou oordeel oor ander gebruik ook vir oordeel oor jouself aangelê sal word.

Van die belangrikste woorde wat 'n volgelings van Jesus moet onthou en uitleef is die volgende:

Judge not (neither pronouncing judgement nor subjecting to censure-berispe en bestraffing), and you will not be judged; do not condemn and pronounce guilty, and you will not be condemned and pronounced guilty, acquit and forgive and release (give up resentment, let it drop) and you will be acquitted and forgiven and released.

8 . Jou grootste vyand met die meeste potensiaal om jou ewige skade aan te doen is jyself. Hoe die self hom handhaaf en uitleef teenoor ander, veral sy vyande gaan tot 'n groot mate bepaal hoe die self deur God beoordeel sal word.

Hoofstuk 13

Bybelkommentaar oor Lukas 6: 27 en Mat. 5:44

Vir 'n beter begrip van die gedeelte oor die liefde vir die vyand is hoofsaaklik van twee gedeeltes in die Bybel gebruik gemaak naamlik Lukas 6: 27 en Matt.5:44. Die konteks van hierdie gedeeltes is belangrik en daarom is dit ook ingesluit. Die kommentare waarvan gebruik gemaak is is te vinde by "Bible Hub" op die internet naamlik die van : *Ellicots` s Commentary for English Readers, Benson Commentary, Barnes notes on the Bible, Jamieson-Fausset-Brown Bible Commentary, Matthew Poole`s Commentary, Gilles Exposition of the Entire Bible, Geneva Study Bible, Cambridge Bible for Schools and Colleges, Expository English Bible, Matthew Henry`s concise Commentary en Pulpit Commentary.*

Sonder om by elke kommentator individueel stil te staan word toepaslike gedeeltes in Afrikaans vertaal en aangehaal:

1. *Liefde en goehartigheid, selfs teenoor die slegte en ondankbare mense, is die houding wat in die Evangelies uitgestraal word.*
2. *In Mat. 5: 43 sê Jesus uitdruklik: "Julle het gehoor dat gesê is: 'Jy moet jou eie mense liefhê, maar jy hoef nie jou vyande lief te hê nie. Maar Ek sê vir julle **julle moet julle vyande liefhê en bid vir die wat julle vervolg. So sal julle optree soos ware kinders van julle Hemelse Vader.***

Jesus lewer self kommentaar op dit wat Hy van Sy volgelinge verlang in Mat. 5: 46:

As julle net die liefhet wat vir julle liefhet, watter beloning is daar vir julle? Selfs korrupte tollenaars doen presies dieselfde. En as julle net julle eie mense groet, wat besonders doen julle dan? Doen die heidene nie ook maar dieselfde nie? Wees julle dan volkome in julle liefde soos julle hemelse Vader volkome in Sy liefde is. Hy het mos alle mense lief.

Matthew Henry lewer die volgende kommentaar op bogenoemde:

*These are hard lessons to flesh and blood. But if we are thoroughly grounded in the faith of Christ`s love, this will make His command easy to us. Every one that comes to Him for washing in His blood, and knows the greatness of the mercy and the love there is in Him, can say in truth and sincerety, **Lord what wilt thou have me do?***

Let us then aim to be merciful, even according to the mercy of our Heavenly Father to us.

3. *Christelike barmhartigheid, wat dikwels verskil van wêreldse barmhartigheid, neem nie wraak op pynlike ervarings nie, maar word uitgebrei om selfs ons slegste vyande in te sluit. Dit terwille van ons Vader in die hemel met verloëning van ons eie behoeftes.*

4. *In Eksodus 23:4, kom in die bespreking van God se wet 'n element van liefde en omgee vir die medemens voor. Hier word die medemens in 'n wyer verband ingesluit en sal dit ook jou vyande insluit: Die volgende uitsprake word in hierdie verband gemaak:*

Eksodus 23: 4:

“As jy op jou vyande se beeste of donkie afkom wat verdwaal het, moet jy dit na hom toe terugvat. As jy dan sien dat die vrag op jou vyand se donkie te swaar is vir hom, mag jy dit nie so los nie. Jy moet jou vyand help om dit ligter te maak.

Ek glo een van die mooiste preke van God is die duidelike kruis wat Hy op die donkie se rug geteken het. Dit alleen is genoeg om ‘n mens voortdurend te herinner aan ons Here se nederigheid, van Sy kruisdra vir ons redding, van Sy liefde vir ons. In hierdie besondere gedeelte leer ons dat ons nie net vir ons vyande moet lief wees nie maar selfs vir die donkietjie van die vyand wanneer die dier verdwaal raak of ‘n te swaar las moet dra. Mag ‘n donkie in die toekoms ons altyd herinner aan wat God met liefde vir die vyand bedoel het.

In Romeine 12: 14 kom een van die moeilikste dele van liefde vir die vyand te voorskyn:

As mense julle op grond van julle christenskap vervolg, moenie ‘n vloek oor hulle uitspreek nie, maar vra God om hulle te seën.

En Rom. 12: 17:

*Moenie vir iemand kwaad met kwaad terugbetaal nie; wees positief teenoor **alle** mense. Sover dit vir julle moontlik is, moet julle goeie verhoudings handhaaf met **alle** mense.*

Rom. 12:20

As jou vyande honger is ,

Gee hulle iets om te eet.

As hulle dors is, les hulle dors.

...moenie toelaat dat die slegte julle onderkry nie, maar deur goed te doen moet julle die slegte hokslaan.

5. Nog twee voorbeelde uit die Ou Testament oor die liefdevolle hantering van ander mense vind ons in Levitikus 19:17 en 18:

17: Moenie in jou hart haat vertroetel teen enigeen van jou familieledede nie.

18: moenie wraak soek of 'n grief teen iemand koester nie. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

6. Ellicot lewer die volgende kommentaar op hierdie gesindheid van liefde:

“ The extension of the command to love our neighbour includes even those whom natural impulse prompts us to hate; the stress laid on prayer as the highest utterance of that love. In such circumstances may preclude (make it impossible or impractical) acts that would be rejected, and words that would be met with scorn. But the prayer that they too may be delivered from the evil which has been their curse, is always in our power, and in so doing we are drawing near to the mind of God and asking that our wills may be as is His.

7. Volgens Barnes is daar twee soorte liefde wat beide ontstaan uit die dieselfde bron van omgee vir alle mense. Tog verskil die twee.

Die eerste liefde is die gevoel wat jy ervaar wanneer jy die optrede van 'n ander persoon goedkeur 'n gevoel van welbehag in wat die ander persoon doen.(*Complacency*) Die tweede soort liefde is die waar ek 'n persoon voorspoed toewens maar nie met sy gedrag kan saamstem nie, welwillendheid.(*benevolence*).

Laasgenoemde is die soort liefde wat ek teenoor my vyande ervaar.

Dit is egter onmoontlik om ‘n persoon se gedrag goed te keur en die persoon lief te hê wanneer die persoon my vloek, beskimp en verguis, iemand wat my eiendom of persoon beskadig en beseer of wat **die wet van God doelbewus en aanhoudend oortree**. Alhoewel ons hierdie persoon se gedrag mag haat en ly onder sy verkeerde optrede moet ons hom nog voorspoed toewens. Ons mag hom jammer kry omdat hy so onverstandig optree. Ons sal nog steeds goed en mooi teenoor hom optree en nie lelike dinge van en teenoor hom sê nie. Ons sal hom goed behandel al doen hy die teendeel teenoor ons. Ons sal hom bystaan en help in die tyd wat hy nood ervaar en soek dat hy ewige heil by Jesus sal vind.

Barnes som dit so op:

“Rom. 12: 17-20: This seems to be what is meant by loving your enemies; and this is the special law of Christianity, and the highest possible test of piety, and probably the most difficult of all duties to be performed.”

8. *Seën hom wat jou vervloek.*

Seën hier beteken om goed te praat van en teenoor die persoon wat jou vloek en swartsmeer, nie om terug te vloek en agteraf oor die persoon te praat nie. Hiervoor sal dit nodig wees om iets by jou vyand te soek wat iets goed of mooi van hom sê. Indien daar niks gevind kan word nie sal dit die beste wees om niks van so ‘n persoon te sê nie.

9. Jamieson verklaar liefde vir die vyand as gelyk aan morele liefde. Hierteenoor staan die ander betekenis van liefde wat persoonlike aangetrokkenheid beteken. Die eeste morele liefde dui gewoonlik op ‘n gevoel van tevredenheid met die karakter

van die persoon. Jesus gee egter ‘n dieper betekenis hieraan naamlik goedgunstige, vriendelike sagtheid en ‘n wens dat dit met die persoon sal goedgaan.

Ook verwys Hy na die volgende opdrag:

“ Bless them that curse you, do good to them that hate you, and pray for them that despitefully (malicious and cruel) use you and persecute you---the best commentary on these matchless counsels is the bright example of Him who gave them. (see 1 Pe2: 21-24, Rom. 12:20, 1Cor.4:12, 1Pe.3: 9.) But though such precepts were never before expressed--perhaps not even conceived – with such breadth, and sharpness as here, our Lord is here only the incomparable Interpreter of the entire strain of this discourse.

10. Gill stem grootliks saam wanneer hy verklaar dat jy alle mense, selfs jou vyande moet liefhê met ‘n natuurlike liefde, omdat hulle mense is alhoewel hulle nie met geestelike liefde liefderyk omhels kan word as broers nie.

11. Om jou vyande te seën beteken nie dat hulle geprys moet word nie want dit sal sondig wees. Seën beteken ook nie dat gewens moet word en gebid moet word vir seën op jou vyande wanneer hierdie vyande Jesus verag, verwerp en Hom haat nie. Dit moet onderskei word van die liefdevolle seën wat vir jou geestelike broers en susters bedoel is.

12. Die kommentators vermeld dat om vir jou vyande te bid deur Christus aanbeveel en gebied word aangesien Hy dit self gedoen het.. Dit was toe Hy aan die kruis gehang het en Hy vir hulle wat Hom gekruisig het gebid het en gesê het:

“ Vader vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

So het Hy vir ons 'n voorbeeld nagelaat wat ons kan navolg. Ook Stephanus het vir die wat hom gestenig het op 'n soortgelyke wyse gebid.

In hierdie voorbeelde sien ons die ware Christusgesindheid van ware liefde vir die vyand.

13. Liefde vir die vyand soos in Mat. 5:44 vermeld sluit 'n liefde in wat gesindheid, woord, handeling en gebedsintrede vir ander insluit. In Grieks dui dit op om iemand met hoë agting te behandel in teenstelling met die Griekse *Amare* wat meer met 'n gevoelaspek soos *van te hou* te make het.

Dit hang af van die morele wil om te kan onderskei tussen die vyand se vyandige gesindheid teenoor ons en die vyand as persoon. Met laasgenoemde gesindheid sal dit moontlik wees om vriendelik en goedgehartig teenoor 'n persoon op te tree en selfs vir die persoon te bid. Dit is alleen die Christen wat Jesus se liefde beleef vir wie dit moontlik sal wees om so op te tree. Efesiërs 4:31 en 32 vat dit mooi soos volg saam: *Raak saam met alle slegte dinge ontslae van alle bitterheid, woede, wraak, geskel en gevloek. Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het.*

14. Die persoon wat bly kan wees wanneer hy ter wille van Jesus moet ly kan sy vyand liefhê en vir hom bid.

15. Die kontras tussen haat en liefde word in 4 fases van ontwikkeling weerspieël. Die antitese tussen die begrippe neem toe soos dit vorder van die een fase na die ander: So byvoorbeeld word die haat dieper hoe hoër die liefde word.

Fase 1:

Om net liefde te **voel** teenoor die persoon wat 'n vyandige posisie teenoor jou inneem.

Fase 2

Om liefdevolle woorde te spreek teenoor die vyand wat homself aan jou openbaar deur jou te vloek en te vervloek.

Fase 3

Om hulle wat jou openlik haat nie net lief te hê nie maar ook goeie dade teenoor die persone te pleeg.

Fase 4

Om persone wat jou aktief haat soos byvoorbeeld jou te vervolg en jou te laat ly jou hoogste vorm van liefde te toon deur vir hulle te bid.

16 . Ons sluit die kommentaar af met 'n pragtige kommentaar van *Pulpit Commentarty*:

They who can pray for their enemies can accomplish the rest

Thus to pray is to come very near to the Spirit of Christ.

Burkit sê hiervan die volgende:

“Some persons had never had a particular place in my prayers, but for the injuries they have done to me.”

Deel 3

Hoofstuk 14

Om alles bymekaar te bring

Daar is deurgaans gebruik gemaak van Bybelse verwysings in die bespreking van die tema van hoe 'n gelowige behoort op te tree teenoor ander groepe mense met wie hy of sy elke dag skouers skuur

Daar is begin deur gebruik te maak van 'n ware verhaal, met name wat verswyg is, om die probleem mee oop te maak. Dit het gehandel oor die onreg wat 'n gelowige aangedoen is deur sy familie wat openlik kant gekies het vir 'n persoon in die familie wat die gees van die anti-chris het in die sin dat hy die Jesus as die Seun van God misken en verwerp en Hom afmaak as 'n kultuurverskynsel soos Boeddha of Mohammed. In 'n sekere sin het die familie toe die vyande van die verontregte persoon geword. Die rede was dat die persoon wat veronreg is Bybels korrek opgetree het volgens Bybelse voorskrifte ten opsigte van persone wat Jesus as Seun van God verwerp. 'n Volle hoofstuk is gewy aan die Bybelse uitsprake oor die hantering van die anti-chris, hulle wat direk teen die belange van Christus optree en Christus as Seun van God verwerp.

Vervolgens is ook verwys na die verskillende groepe persone met wie 'n gelowige tydens sy aardse omwandeling te doen kry en is daar gepoog om Bybelse voorbeelde uit te haal oor die hantering van sodanige persone.

Die probleem vir die gelowige kind van God is vasgevang in Jesus se uitsprake dat Sy gelowige kind sy vyande moet liefhê. Daar is breedvoerig na bekende kommentare in hierdie verband verwys en na die optredes teenoor vyande soos vanuit die Skrif afgelei.

Daar het egter nog 'n onduidelikheid oorgebly.

Dit is goed en wel om te sê dat die gelowige die ongelowige vyand, die anti-chris moet liefhê,

1. vir hom moet bid,
2. en goed teenoor hom moet optree,
3. sy slegte gedrag van hom as persoon moet skei en alhoewel die gedrag afgekeur word tog die persoon te respekteer en met 'n besondere soort liefdevolle respek te behandel.

Hierteenoor kom Jesus se uitsprake soos uiteengesit in Hoofstuk 2: Kom ons verfris net weer die geheue ten opsigte van hierdie uitsprake veral ten opsigte van die anti-chris.

1. Wees meedoënloos teenoor hierdie persone, sonder genade, wanneer hy jou probeer beïnvloed om anti-christelike leerstellings te oorweeg.
2. Vermy alle kontak met die uitgesproke anti-chris. Enige verbintenis met die anti-chris maak jou deel van sy bose optrede.
3. Vermy ongelowiges wat 'n wig tussen gelowiges probeer indryf.

4. Enige persoon wat ontken dat Jesus die Seun van God is, is die anti-chris en het nie die Gees van God in hom nie.
5. Die huwelik is 'n heilige instelling van God. Vermy die wat dit nie as sulks erken nie.
6. Om as Jesus se volgeling te ly is jou lot en voorreg.
7. God is jou hoogste doel en alles wat in Sy plek gestel word is afgode. Jy moet Hom bo alles en almal liefhê, Sy mening bo enige ander persoon se uitsprake stel.
8. Gesinne sal verdeeld raak indien sommige lede van die gesin Jesus as Verlosser aanneem en ander lede nie.
9. Om jou aardse broer, wie oor Jesus as Seun van God van jou verskil, prys te gee is 'n klein prysie om te betaal vir die baie gelowige broers en susters wat jy in die hiernamaals sal hê.
10. Die wêreld en die van die wêreld met wie jy breek sal jou minag en bespot.
11. Anti-chirste kan 'n gevaarlike invloed op gelowiges uitoefen. Vermy alle assosiasie met so 'n persoon; moet nie eers so 'n persoon groet of in jou huis ontvang nie. Verwyder so 'n persoon uit jou midde.
12. Geen gemeenskaplikheid kan tussen die anti-chris en die Christen bestaan nie.
13. Vermy alle skynheiliges.

Ons lewe vandag in 2023-24 in die tyd van die groot misleiding. Die mensdom word as 'n eenheid hanteer, deur onder andere die kerk. Die skrywer het in die duisende

preke wat hy in sy lewe gehoor het nog nooit 'n preek gehoor waarin daar direkte onderskeid gemaak word tussen die hantering van die anti-chris en die ander mense om jou nie. Alles is besig om reg te skuif vir globalisering, die eenheid van die mensdom, een wêreldregering en die sentrale beheer van alle mense deur die Anti-Chris en die Vals Profeet, die werktuie van die Draak, naamlik satan.

Die vader van die leuen, satan, het die mensdom weereens bedrieg deur die eenheidsgedagte onder die mense so sterk te propageer dat dit vir die meeste Christene moeilik is om die verskuilde agenda van satan te herken. Hy is besig om onder die vaandel van liefde vir alle mense, subtiel ook die anti-chris in te sluit. Mense aanvaar net eenvoudig dat jy vir alle mense moet lief wees en die onderskeid tussen die wat vir God is en die wat teen God is word so opgehef. Verdraagsaamheid, liefde, meegevoel, vergifnis en genade word vir alle mense gepredik, ook die wat Jesus ontken as die Seun van God, hulle wat Jesus haat en verag en Hom gelykstel aan Boeddha, Mohammed en voorvadergeeste.

Daar moet onthou word dat satan teen God in opstand gekom het, homself gelyk met God gestel het en gedink het dat hy self God kan wees. Sedert hy uit die hemel gegooi is, het sy ambisie nog nooit verander nie. Hy maak in hierdie eindtyd gereed om vir hom 'n koninkryk hier op aarde te vestig en beplan om deur die onheilige drie-eenheid; satan, die anti-chris en die vals profeet die wêreld aan sy mag te onderwerp.

Om alle onduidelikheid uit te skakel oor hoe die gelowige behoort op te tree teenoor sy medemens, in die wydste sin van die Woord is besluit om die Evangelies te bestudeer met die oog op die ontleding van Jesus se hantering van die mensgroepe wat Sy pad gekruis het. Daar is ook gekyk na die uitsprake van die Heilige Gees soos deur die ander skrywers van die Nuwe Testament opgeteken is.

Ses groepe persone word veral pertinent vermeld in hulle konfrontasie met Jesus naamlik:

Die Fariseërs,

die Skrifgeleerdes,

die Familiehoofde,

die skynheiliges wat veral uit die Joodse geledere te voorskyn gekom het,

die anti-christe en

die heidene, wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie.

Van hierdie groepe mense is daar die wat tot meer as een van die kategorieë behoort.

‘n Fariseër kon ook ‘n skrifgeleerde gewees het. ‘n Skrifgeleerde kon ook ‘n familiehoof gewees het. Baie Fariseërs was ook skynheilig. Baie anti-christe (persone wat ontken dat Jesus die Seun van God is) kon in vier van die ander groepe voorgekom het.

Jesus se hantering van persone wat in die verskillende groepe voorkom, kan dien as model vir ons eie optredes.

Kom ons kyk nou in meer besonderhede na die verskillende groepe: In hierdie uiteensetting is daar onder andere ruim gebruik gemaak van inligting wat uit die Bybelse Ensiklopedie verkry is. (1975. J.H. Kok, Kampen. Verenigde Protestantse Uitgewers)

Voordat ons na die groepe gaan kyk is dit nodig dat ons eers na die gevare van groepsbenadering kyk

Hoofstuk 15

Groepe persone

Die gevaar van 'n groepsbenadering

Die groot probleem ten opsigte van die hantering van mense op die aarde kom by die interpretasie van wat Jesus gesê, bedoel en geleef het.

Jesus was die perfekte voorbeeld van die uitlewing van liefde vir jou vyand.

Tog sê Jesus vir ons in Sy Woord dat ons versigtig moet wees vir die Skrifgeleerdes, die huweliksontroues, die homoseksualiste, die misleiers, die valse profete, die wat Hom as Seun van God ontken, (met ander woorde in die taal van die Bybel, die *anti-christe*) Duidelike uitsprake soos die volgende word ten opsigte van die anti-chris maak:

Gaan onder hulle uit,

Sonder julle af,

Moet hulle nie groet nie,

Moenie saam met hulle eet nie,

Bly weg van sulke mense af,

Oppas dat hulle julle nie mislei nie

en, moenie in dieselfde juk as hulle trek nie want julle het niks met hulle in gemeen nie.

Wanneer mense in groepe verdeel word ten opsigte van voorskrifte vir hantering, word op 'n gevaarlike terrein beweeg. Jesus is baie meer ingestel op die individu en die verhouding tussen Hom en individue as groepsbenaderings. Dit is duidelik wanneer ons na groeuitsprake van Jesus kyk en Sy hantering van individuele mense uit daardie groepe. Voorbeelde hiervan is die volgende:

1. Ek en jy, my broer, was albei deel van die groep wat as *heidene* geïdentifiseer kan word. Ons het genade in Sy oë gevind en Hy het ons gered en ons so in die groep van gelowiges ingebring.

2. Baie *skrifgeleerdes* van ons tyd staan aan die hoof van gemeentes. Daar is seker nie nog 'n groep professionele mense onder wie soveel doktore is as onder predikante nie. Tog is daar ook onder hulle nederige mense wat hulleself verloën het en wonderlik deur Jesus gebruik word. In hierdie verband is dit interessant dat Jesus sterk uitsprake maak teen godsdienstige leiers wat op betilleling soos Dokter, Rabbi, Priester, Vader ens aanspraak maak. (Mat. 23: 7)

3. Daar bestaan egter wel groepe wat deur Jesus as besonder gevaarlik vir gelowiges geïdentifiseer word. Seker die gevaarlikste groep is die *anti-christe*, hulle wat ontken dat Jesus die Seun van God is, Hom misken en Hom gelykstel aan afgode soos Mohammed, Buddha ens. Hierdie mense maak Jesus tot leuenaar en oortree teen die waarheid van die Gees van God. God noem hulle die mense wat die gees van die anti-chris in hulle het. Teen sulke mense is die uitsprake van Jesus geldig soos dit op vorige bladsye genoem is.

Nog mense in hierdie groep wat as groep wel geïdentifiseer kan word vir optrede is die *Skynheiliges*. Hulle is die mense wat eintlik anti-christe is maar hulle voordoen as Christene. Jesus se uitsprake van vermyding van hierdie persone geld nog steeds. Die *misleiers* wat in groot getalle vandag voorkom is ook deel van hierdie groep. Die anti-chris het sy kans gehad. Hy het die evangelie- boodskap gehoor, dit oorweeg en besluit dat dit nie vir hom is nie. Bly weg van sulke mense af. Skud die stof van hulle teenwoordigheid van jou voete af. Maak soos Jesus en bring die waarheid, maar indien 'n persoon verkies om dit te verwerp soos die ryk jongman, moenie agter hom aan hardloop en hom smee om die Evangelie te aanvaar nie. Indien jy dit wel doen is jy besig om God se pêrels voor die swyne te gooi wel wetende dat hulle die heilige evangelie met hulle modderpote gaan vertrap. (Mat.7:6)

4. Fariseërs

Dit is die naam wat aan 'n Joodse godsdienstige groep en politieke party gegee word. Daar was verskeie Joodse groepe tot met die val van Jerusalem waarna net die Fariseërpary bly voortbestaan het. Dit beteken dat die hedendaagse Jodedom, wat nog die wet hou eintlik Fariseërs is.

Fariseër beteken afgeskeidenes. Wat ironies is, is dat heiliges, soos die persone wat die Heilige Gees ontvang, ook eintlik deur die Gees afgesonder word vir God. Nieteenstaande die "heiligheid" van die Fariseërs is hulle een van die groepe wat dit moeilik vir Jesus gemaak het. Hy het hulle ook "Skynheilig" en "Witgepleisterde grafte" (Mat. 23: 27) genoem. Hulle was jaloers op Jesus en kon sy interpretasie van

die wet en die Vryheid wat Hy vir Sy volgelinge gebring het nie verdra nie. Die Fariseërs het probeer om die wet getrou te behou. In Jesus se tyd het die regerende party van die Jode, die meerderheid van die priesters, die lede van die Sanhedrin, tot die Grieksgesinde Sadduseërs behoort het, maar dat die geestelike leiers van die volk die Fariseërs was. Hulle was die regsinniges, het hulle streng by die wet gehou, die bestaan van bose en goeie geeste erken, asook die onsterflikheid van die siel en die opstanding van die liggaam. So het hulle baie met Jesus en Sy leer ooreengestem. Maar soos reeds vermeld het Jesus met Sy wonderwerke, Sy groot aanhang en Sy kritiek op hulle valsheid en skynheiligheid hulle in voortdurende botsing met Jesus gebring. Die grootste verskil tussen Jesus en die Fariseërs was Jesus se prediking van genade van God wat red deur die geloof in Sy Seun, Jesus Christus en die Fariseërs se opvatting dat die liefde as God se groot gebod versak kan word en dat die ewige lewe deur wetsvervulling bereik kan word. Die Fariseërs het heersugtig geword en wou hulle invloed en mag behou. Jesus het vir hulle 'n bedreiging geword. Gevolglik het Jesus die Fariseërs openlik bestraf en die mense van Sy tyd gewaarsku om so hulle geveinsde optrede, ontduiking van die wet en hulle teenstand teen Hom, wat deur God gestuur, te ontbloot.

So gesien, het die Fariseërs in 'n groot mate Jesus se vyand geword. Wanneer ons dus Jesus se uitsprake oor ons vyand, wat ons moet liefhê, in die lig van Sy eie optrede probeer verstaan sien ons dat daar tog plek is vir liefdevolle konfrontasie en teregwysing van die vyand. Dit is altyd in die gesindheid van liefde maar nie altyd

net genade en genade wat alles verskoon en alles van die vyand aanvaar nie. Waar God se koninkrykbeginsels op die spel is tree Jesus konfronterend op Ons sien hierdie gesindheid ook in Jesus se uitsprake teenoor Herodus wanneer Hy na hom as ‘n *ou slang* verwys. Herodus het immers probeer om die Seun van God om die lewe te bring toe al die manlike babas onder die ouderdom van 2 jaar om die lewe gebring moes word en Jesus se ouers met Hom na Egipte moes vlug om Sy lewe te red.

Daar is egter ook onder die Fariseërs mense wat Jesus geken en liefgehad het soos Paulus en Nikodemus. By hierdie groep mense is dit dus belangrik dat hulle nie as groep gehanteer kan word nie maar as mense met ‘n individuele persoonlike verhouding met God.

Jesus is ‘n wonderlike onverbeterlike persoon, wat selfs Sy vyande kon liefhê. Ons gaan in die volgende hoofstuk na aanleiding van Lukas se beskrywing in meer besonderhede daarna kyk.

Hoofstuk 16

Jesus is lief vir Sy vyande

‘n Mens moet versigtig wees wanneer jy met God se woord omgaan, veral wanneer jy antwoorde soek op onduidelikhede.

So kan ‘n mens maklik met ‘n vooropgestelde idee of ‘n haatlike, liefdelose gesindheid na uitsprake in die Bybel soek om iets te probeer vind wat ons liefdelose houdings kan regverdig. Daarom is Jesus se voorbeeld van ‘n liefdevolle lewe, afgesien van Sy uitsprake, vir ons so belangrik. Ons sal vervolgens kyk na Jesus se lewe hier op die aarde volgens die beknopte uiteensetting wat deur Lukas en andere gegee word:

1. Wat kon die Grootste, Belangrikste, Almagtige, Ewige God beweeg het om Sy Kosbaarste, Sy Seun te gee om as ‘n Kleine, afhanklike Baba, vir ‘n kort lewensspan van 33 jaar na die aarde te stuur, wetende dat Sy Seun aan die ergste, vernedering, lying, pyn en verwerping blootgestel gaan word? Ja, dat die mense vir wie Hy sou kom om hulle van ewige pyn vir hulle sondes te kom vry maak juis dieselfde mense sal wees wat Hom sal verwerp en vir Sy kruisiging sou vra? Om hierdie vraag te kan beantwoord moet **die mens uit sy dimensie van menslikheid tree en die Goddelike dimensie van die Gees van God betree**. Alleen dan is daar die moontlikheid van ‘n sinvolle antwoord. Net deur God se Gees is dit moontlik om iets van God se liefde vir die mens te begryp en te verstaan waarom God so iets kon toelaat.

2. Die **nederigheid van God se Seun**, ons Here Jesus is verstommend. Ons moet onthou dat Jesus vir die mens se sondes kom boet het. Die eerste en grootste sonde van die mens was dieselfde as die sonde van satan naamlik dat die mens belangrik wou wees, so belangrik soos God. Daarom het God ook die eerste gebod gemaak dat die mens God moet liefhê bo alles ook bo homself. So kom Jesus dus in Sy nikswees om vanaf die eerte oomblik vir die mens se sonde, van iets en iemand te wees, te boet; 'n nederige onbelangrike ou meisietjie van vermoedelik 14 tot 16 jaar, ongetroud, 'n maagd word vir Sy nederige inkom in die wêreld gekies. Wat kon nederiger gewees het as Sy lêplekkie in 'n krip in 'n stal omdat daar nie plek vir Sy ouers in die herberg was nie.

3. Die eerste mense aan wie God Sy Seun se geboorte bekendmaak is **die skaapwagters** wat die offerlammers vir die offers naby Bethlehem opgepas het. Skaapwagters was van die nederigste beroepe wat destyds bestaan het. Sy totale nederigheid was die prys vir die mens se opgeblase sonde van self belangrik te wil wees.

4. Kort hierna het **satan reeds gepoog om Jesus om die lewe te bring** toe Herodus bedreigd gevoel het deur die aankondiging van die geboorte van die Koning van die Jode. Herodus het al die seuntjies van onder 2 jaar laat doodmaak. Josef, Jesus se aardse vader, het 'n waarskuwing van God ontvang en met Maria en Jesus na Egipte toe gevlug.

5. **Jesus was 'n modelkind**. Afgesien daarvan dat Hy reeds vroeg in Sy lewe verstommende insigte openbaar het en met die skrifgeleerdes ingewikkelde

kwessies bespreek het, het Hy onderdanig aan Sy ouers gebly en nederig ‘n skrynerkersambag by Josef geleer. Verstommend om te dink dat Hy wat bome geskep het, die menslike hande geformeer het, bereid was om in afhanklikheid en nederigheid onderwerpend te leer om as mens te werk en iets uit hout te skep- Hy wat die mens uit grond gemaak het. Geen wonder dat *Hy geliefd by God en almal wat Hom geken het*, was nie. (Lukas 2: 52)

6. In Johannes 1:46 vra Nataniël oor Jesus se herkoms die volgende:

“Kan daar iets goed uit Nasaret kom?”

Tot selfs Jesus se dorp waar hy grootgeword het getuig van nederigheid. Deur Jesus se openbare bediening was dit altyd die eenvoudige, die nederige, die afhanklike, hulpbehoewene wie se lot Hom die meeste aangryp het. Hierteenoor het Hy ‘n besliste afkeer geopenbaar teenoor die mense wat so baie van hulleself gedink het en hulleself as beter as ander beskou het. Gevolglik het die gewone mense maklik met Jesus geïdentifiseer en het baie van die rykes, die volksleiers, die skrifgeleerdes, die Fariseërs en die vernames Hom verag en bespot.

7. **Jesus se groot vyand was van die begin af satan.** Soos die Goddelike Drie-eenheid, God die Vader, Jesus Sy Seun en die Heilige Gees, het satan ook in hierdie opsig God nageboots. Die ou draak stel gewoonlik satan voor, dan is daar ook die anti-Chris en die vals profeet. Veral in die eindtyd sal elkeen van hierdie drie ‘n besondere rol speel, veral ten opsigte van misleiding van die kinders van God.

Ons liefdevolle genadige God het ook ‘n harde kant. Ons sien dit in Sy optrede in Lukas 4: 33 teenoor Sy vyand die duiwel:

Op 'n dag toe Hy in die sinagoge was het 'n man in wie daar 'n onrein duiwel was op Jesus begin skree: "Gaan weg! Waarom pla jy ons, Jesus van Nasaret? Het jy gekom om ons te vernietig? Ek weet wie jy is: die Heilige wat deur God gestuur is!" Jesus het hom kortgevat: "Bly stil!" het Hy vir die duiwel gesê. "Kom uit die man uit!"

Die verskil tussen satan se optrede en Jesus se optrede val dadelik op:

Satan is uitdagend arrogant-hy skreeu op Jesus. Jesus is beheersd en in beheer van die situasie wanneer Hy hom kortvat met die woorde: "Bly stil!" Jesus het met gesag gepraat, die gesag wat lank reeds nie vir satan se bravado geskrik het nie. Jesus neem dadelik beheer oor en steur Hom nie aan al die vrae wat satan vra nie. Daar is net een ding wat gaan gebeur en dit is dat satan Jesus gaan gehoorsaam en dadelik die man gaan verlaat.

8. **Jesus se uitsprake oor die liefde vir die vyand** is nou reeds goed bekend aan ons. Daar is egter ook 'n ander kant van Jesus se genade soos ons dit sien in Lukas 9:6 en verder waar Hy Sy dissipels uitstuur om die dorpe te gaan evangeliseer:

As die mense van die dorp by julle aankoms nie julle boodskap aanvaar nie, skud die stof van julle voet af by julle vertrek. Dit is 'n teken dat julle daardie dorp aan sy eie lot oorlaat.

In hierdie verband kan ook gedink word aan Jesus se uitspraak dat die dissipels nie die kosbare pêrel van Sy genadeboodskap moet verkondig aan hulle wat nie bereid is om Hom gelowig as Messias te aanvaar nie. Aangesien dit sal wees soos om

kosbare pêrels voor 'n klomp varke in 'n modderhok te gooi en te verwag dat hulle dit dankbaar as kos sal opvreet.

9. Jesus se liefdevolle deernis en omgee vir die gewone mense blyk so mooi uit die gedeelte in Lukas 9: 10-17 waar Jesus vir 5000 mans en hulle gesinne van kos voorsien het. Hy het 5 brode en 2 visse so vermeerder dat al die mense van ongeveer 20,000 genoeg kon eet en dat daar 'n mandjie vol kos vir elke dissipel wat die kos uitgedeel het, oorgebly het. Hoeveel kosbare siele het nie hierdie dag tot geloof in Jesus gekom nie?

10. Alhoewel Jesus se eerste verantwoordelikheid teenoor die Jode was, het Hy ook Sy teernis en liefde vir ander bevolkingsgroepe getoon. Die Samaritane was deur die Jode verag. Hulle is as basters van Jode en Assiriërs beskou. 'n Jood sou nie maklik met 'n Samaritaan praat nie. Die tradisie in Jesus se tyd was ook dat 'n man nie maklik met 'n vrou sou praat nie. Daarom is die optrede van Jesus teenoor die Samaritaanse vrou in Joh. 4: 9 so merkwaardig. Haar verlore siel het Hom so aangegryp dat Hy mooi met haar gepraat het. Aanvanklik was sy hardekwas en het sy Jesus afgewys. Jesus het die mens so goed geken en het presies geweet hoe om haar te benader. Eers gebruik Hy haar onafhanklikheid en laat Hy haar goed voel deur Homself te verneder en vir haar water te vra. Oor hierdie ding trap sy Jesus dadelik uit en probeer so 'n steek inkry op Jesus se Joodse afkoms. Jesus is geduldig met die vrou en weet dat Hy die vernedering moet verduur om haar siel te red. Die gesprek loop soos Jesus dit stuur en die vrou se bot weiering om Jesus te help loop later uit op haar bekering en geloof in Jesus as Messias. Sy word 'n evangelis in haar

gemeenskap en gaan haal die hele dorp om na Jesus te luister. So kuier Jesus ‘n paar dae by hierdie veragte en verworpe groepie mense. Jesus gaan later verder en gebruik in een van Sy gelykenisse ‘n Samaritaan as navolgenswaardige voorbeeld van hulp aan ‘n afhanklike mens wat langs die pad lê nadat hy deur rowers oorval is. In dieselfde gelykenis wys Hy die Joodse leiers tereg, hulle wat verby die man in nood stap om hulle eie dinge te gaan doen.

11. **Om Jesus te volg is nie altyd maklik nie.** Dit het die man wie vir Jesus wou volg uitgevind toe Jesus die volgende vir hom gesê het:

“Jakkalse het gate om in te bly en voëls het neste, maar Ek, die Seun van die Mens, het geen huis van my eie nie, nie eers ‘n plek om my kop neer te lê nie.”

Hierna roep Jesus twee mense by afsonderlike geleenthede om Hom te volg. Elkeen het ‘n verskoning gehad waarom hulle Jesus nie dadelik kon volg nie. Hulle verwerping van Jesus het tot gevolg gehad dat Hy op ‘n mooi manier ‘n verskriklike oordeel oor hulle uitgespreek het met die volgende woorde:

“Enigiemand wat sy hand aan die ploeg slaan en dan terugkyk, is nie geskik vir die koningsheerskappy van God nie.” (Luk.10:62)

12. Nog ‘n **harde boodskap** van Jesus vind ons in Lukas 10: 16 toe Hy Sy dissipels uitstuur om die evangelieboodskap te verkondig:

“Enigeeen wat julle boodskap ontvang, ontvang My ook.

*En enigeeen wat julle verwerp verwerp My ook. **En enigeeen wat My verwerp verwerp God wat My gestuur het.***

Ons weet dat die mense wat Jesus as die Seun van God verwerp die anti-chris is en die gees van die anti-chris het. Dit maak hulle vyande van God.

13. **Die menslike intellek** is meermale die strydveld waarin satan sy veldslae lewer. Hy het dit met Adam en Eva begin en groot sukses daarmee behaal. Daarom het hy daarmee aangehou. Indien hy die mens net kon betrek by redenering het hy eintlik al die stryd gewen. Die sleutelvraag van satan in die Paradys was:

Is dit waar dat God gesê het.....?(Gen.3:1)

So probeer satan sy beproefde tegniek selfs teen Jesus gebruik wanneer satan se volgelinge Jesus beskuldig dat Hy demone kan uitdryf omdat Hy Sy krag van satan af kry. (Lukas 11:15)

Die natuurlike menslike reaksie op so 'n Godslasterlike bewering is woede. Die dissipels het byvoorbeeld tydens 'n geleentheid vir Jesus gevra het of hulle vuur van die hemel af op die mense moet laat reën. (Lukas 9:54). Waar ons as mense dikwels soos demone te kere gaan met vloek, woede, geraas en skreeu gee Jesus vir ons 'n ander voorbeeld van optrede teenoor ons vyande:

Jesus ontmoet Sy vyand op dieselfde oorlogsveld wat satan kies naamlik intellektuele bereniging en gee argumente wat satan moedeloos laat rondgryp na ander argumente. Dit het gebeur toe Jesus gereageer het op die demoniese aansprake dat Hy demone kan uitdryf omdat satan Hom die mag daartoe gegee het. Dit was vir Jesus kinderspeletjies om hierdie probleem te hanteer om die volgende rede:

Hy het hulle gedagtes geken, daarom het Hy gesê: Enige koninkryk wat teen homself stryd voer is gedoem. Julle sê mos Ek kry my mag deur die prins van bose geeste.

Maar as satan teen homself veg deur My mag te gee om bese geeste uit te dryf, hoe kan sy koninkryk voortbestaan?

Wat kan satan dan anders doen as om druiptert die aftog te blaas.

Jesus se tegnieke is beskaafd, met eerbied vir ander sonder om Sy emosies toe te laat om Hom te beheer. Wat 'n voorbeeld vir ons!

14. Een interessante optrede van Jesus wat soms moeilik verklaarbaar is, is vir ons opgeten in Markus 11: 15:

*Hulle (Jesus en Sy dissipels) kom toe in Jerusalem. Jesus het die **tempel terrein binnegegaan** en die handelaars en hulle kliënte begin uitjaag. Hy het die tafels en die geldwisselaars en die stalletjie van die duiveverkopers onderstebo gegooi en gekeer dat iemand 'n voorwerp oor die tempelarea rondra. Hy onderrig hulle toe: "Staan daar nie in die Skrif geskryf ' My tempel sal 'n huis van gebed wees vir al die nasies nie? Maar julle het daarvan 'n rowersnes gemaak.'"*

Die vyandige optrede teenoor Sy Vader en die oneer wat Hom aangedoen is was net te veel vir Jesus. Hy kon dit nie verdra nie en het gewelddadig Sy Vader se eer en wil verdedig.

15. 'n Mens sal bereid moet wees om baie boeke vol te skryf indien jy enigsins reg wil laat geskied aan net enkele aspekte van God se grootheid, Sy goedheid, Sy liefde en Sy genade soos Sy wonderlike voorbeeld van hoe om vyande te hanteer. Daarom sal met die enkele voorbeelde volstaan word, veral tydens die laaste klompie ure van Jesus se lewe voordat Hy gekruisig is. Hier het satan die magte van

die hel in al hulle felheid tevergeefs gebruik om ons Jesus finaal te probeer verwoes en te verslaan.

Kom ons begin in die **Tuin van Getsemane** waar Jesus Sy dissipels vra om saam met Hom te bid. Jesus is oorweldig deur dit wat vir Hom voorgelê het want Hy het presies geweet watter lyding op Hom wag. So erg raak Sy nood dat Hy God vra om as dit enigsins moontlik is die lydingsbeker van Hom af weg te neem. Sy liefde vir Sy Vader en vir die mense wat God vir Hom gegee het was egter so groot dat Hy Hom aan Sy Vader se wil onderwerp. Die prys wat Hy betaal is die bloed wat Hy sweet.

Asof Jesus nie genoeg verneder is tydens sy omwandeling op die aarde nie moet Hy deur een van sy eie dissipels, Judas Iskariot, verrai word toe Judas Hom met 'n soen uitwys as die Leier. Arme Petrus in sy voortvarende liefde vir Jesus kap die slaaf van die hoofpriester se oor af. Jesus se reaksie was:

“Hou dadelik op hiermee. Daarna het Hy die oor aangeraak en dit gesond gemaak.”

(Lukas 22: 51)

So voltooi Jesus se laaste wondergenesing, 'n weldaad aan die mens wat Hom kom kruisig.

Selfs in hierdie uitdagende omstandighede het Jesus nog steeds die perfekte voorbeeld gebly van optrede teenoor hulle wat jou haat en jou wil uitwis. Luister na hierdie woorde van Jesus ter verdediging van Homself:

Ek was daaglik saam met julle in die tempel, en tog het julle my nie gearresteer nie. Maar hierdie is nou julle tyd, die tyd van die mag van die duisternis. (Lukas 22: 53)

Jesus het Petrus bestem as die leier van Sy kerk nadat Hy opgevaar het na die hemel. Daarom was dit seker vir Hom baie moeilik om te weet dat Petrus Hom driemaal gaan verraai gedurende die helse nag. Al wat Jesus gedoen het nadat die haan gekraai het was die volgende:

“Die Here het omgedraai en Petrus stip aangekyk. Petrus het die Here se woorde onthou toe Hy aan hom gesê het: ‘voordat die haan nog vannag kraai, sal jy drie keer ontken dat jy My ken.’ En hy het buitetoe gegaan en onbedaarlik gehuil” (Lukas 22: 61)

Die volgende paragraaf is kort maar so gelaai met onreg dat dit beswaarlik deur ons as lesers gelees kan word sonder om oorweldig te word deur skuld omdat Jesus dit vir ons sondes gely het:

Die soldate wat Jesus bewaak het, het Hom

Gekoggel en

Geslaan.

*Hulle het Hom **geblindoek** en aanhou sê;*

“Profeteer wie is dit wat jou geslaan het.

*Hulle het Hom bly **laster** deur baie ander dinge teen Hom kwynt te raak. (Lukas 22:*

Enkele ander vernederings wat Jesus met waardigheid verdra het was die volgende:

1. Die leiers van die volk het 'n klompie Fariseërs en ondersteuners van Herodus gestuur om Jesus in 'n strik te laat trap met die vraag of die volk aan die keiser belasting moet betaal.

“ Jesus het egter deun hulle onderduimsheid gesien en vir hulle gesê: Hoekom probeer julle my uitvang?

2. Judas verraai Jesus deur Hom te identifiseer met ' soen waarop Jesus soos volg reageer:

Judas, lewer jy die Seun van die Mens uit met 'n soen?

3. Pilatus het Jesus 'n regverdige verhoor probeer gee deur die volk te probeer beïnvloed om Jesus vry te laat en die moordenaar Barabbas te kruisig. Hiervan wou die volk, opgesweep deur die leiers, niks weet nie en het hulle uitgekreet:

Weg met Hom! Laat Barabbas vir ons los!

Min het hulle geweet dat dit presies is waarvoor Jesus na die aarde toe gekom het, naamlik om in die plek van die sondaar te sterf en boete te doen vir die sondaar sodat die sondaar vrygespreek kon word. Ons, ek en jy my boetie en sussie, word vandag nog vrygespreek omdat Hy ook vir ons sondes geboet het.

4. Die volgende kort uiteensetting in Lukas 23: 31 – 34, is so aangrypend dat lank daarvoor gemediteer, gebed en gehuil kan word:

Twee ander misdadigers is ook saam met Jesus weggelei om tereggestel te word.

Toe hulle op die plek aankom wat Kopbeen genoem word, het hulle Jesus daar gekruisig, asook die misdadigers-een aan Jesus se regter-en een aan Sy linkerkant.

Daarop het Jesus gesê: “Vader vergewe hulle, want hulle beseef nie wat hulle doen nie.”

Hierdie woorde sou hierna vir die volgende 2000 jaar, biljoene kere voor Vader geuiter word, soos Jesus vir ons sondes by ons Vader sou intree.

Tot aan die einde het Jesus vlekkeloos en onberispelik gebly in Sy groot liefde en genade vir ons, ons, die sondaars wat dikwels vyandig teenoor Hom sou optree.

Hoofstuk 17

Samevattende afsluiting

Hierdie boekie is geskryf na aanleiding van 'n noodtoestand in die skrywer se lewe; hy het 'n ernstige verlies trauma ervaar aangesien dit vir hom gevoel het of sy enigste oorlewende familielid, sy broer, afgesterf het. Die hele verhaal van hierdie ongelukkige gebeurtenis is in die boekie ontsluit. Die probleem was egter groter as die verwerking van 'n verlieservaring. 'n Ernstige geestelike stryd het in die skrywer ontstaan. Aan die eenkant was daar die liefdevolle, vergewende God wat nooit liefdeloos, selfs teenoor Sy vyande, opgetree het nie. Hy was die voorbeeld van hoe 'n mens jou vyande moet liefhê, altyd beskaafd teenoor hulle moet optree, hulle moet vergewe en bowe-alles vir hulle moet bid. Aan die anderkant het die skrywer geworstel met gevoelens van verontregting, van gevoelens wat dikwels aan haat gegrens het en waar daar geen vergifnis oor was nie, net verdoemenis van die persoon deur wie die breek tussen hom en sy broer ontstaan het. Hy het in hierdie verband baie skrifuitsprake gekry waarvan 15 in hoofstuk 2 opgeteken is. Dit het vuur onder sy haat en verontregting gestook. So was daar heelwat uitsprake oor wie die anti-chris is, **naamlik die wat ontken dat Jesus die Seun van God is**. Hierdie kategorisering het perfek ingepas by die skrywer se rasionalisering van sy verontregting. Gevolglik het hy gemaklik gevoel in die Bybeluitsprake soos die volgende ten opsigte van die anti-chris:

Gaan onder hulle uit,

Sonder julle af,

Moet hulle nie groet nie,

Moet nie saam met hulle eet nie,

Julle het niks met hierdie mense in gemeen nie.

Iemand wat broer of kind bo My ag is nie werd om agter My aan te kom nie.

En nog vele meer.

Alles was goed en wel maar die skrywer kon nie die toets van vrede in sy gemoed slaag nie. Hy het dieper gedelf en 'n ontleding van Jesus se lewe gemaak. Ten einde laaste het dit tot hom deurgedring dat hy nie die Bybeluitsprake as verskoning vir sy gevoelens van haat kan gebruik nie. Geleidelik het die Heilige Gees hom oortuig dat die liefde vir die vyand 'n ander soort liefde as die liefde vir 'n geesbroer is. Dit het meer te doen gehad met die jammerte vir die siel van die anti-chris wat vir ewig verlore raak. Sy gebede vir die anti-chris het geleidelik vir homself genesing gebring en 'n stukkie begrip van wat Jesus in gedagte gehad het toe Hy die volgende gevleuelde woorde uitgespreek het:

Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Bronnelys

1. Bible Hub. Internet kommentare.
2. Die Bybel. Nuwe Lewende vertaling 2006
3. Felix A. Mijnhardt: Afrikaanse Bybelkonkordansie. 2012
4. The Holy Bible, New King James Version. 1982
5. M.S. B. Kritzinger e.a. Woordeboek: Afrikaans, Engels. Engels, Afrikaans. 1957
6. F.G.Fowler e.Oxford Dictionary of Current English. 1969
7. Zondervan: The Amplified Bible. 1987
8. Die Bybel. Naslaan. 1957
9. Jimmy Swaggart: The Expositor's Study Bible. 2013
10. Gispens, e.a. Bybelse Ensiklopedie Deel 1 en Deel 2. 1975.

Nog boeke uit die skrywer se pen:

Die volgende boeke word gratis aan die leser beskikbaar gestel. Dit is E-boeke wat deur enige persoon, wat belangstel, afgelaai mag word. Dit is beskikbaar op die skrywer se webtuiste: <https://www.joasnatan.co.za>

Afrikaanse boeke:

1. Rokende Houtstompe. Volume 1
2. Rokende Houtstompe. Volume 2
3. Rokende Houtstompe. Volume 3
4. Rokende Houtstompe. Volume 4
5. Rokende Houtstompe. Volume 5
6. Rokende Houtstompe. Volume 6
7. Rokende Houtstompe. Volume 7
8. Rokende Houtstompe. Volume 8
9. Rokende Houtstompe. Volume 9
10. Rokende Houtstompe. Volume 10
11. 5 Minute Jesushulp: Elke dag vir 366 dae
12. 366 Name van die Here
13. Gered vanuit die Hel
14. Jesus se stories
15. Ahia - Jesus is my broer. (Huidige boek)
16. 366 Geestelike Gedigte

English books:

Free English books may be downloaded from the writer`s web:

<https://www.joasnatan.co.za>

17. God –man
18. The Key to life
19. Being and making a neighbour
20. Be Free - Be Filled
